

# JUBILEE



# JUBILEE

*“Sounding of  
the awakening blast  
of the horn”*

AFRIKAANSE WEERGAWE

SARAH VAN VUUREN

## **JUBILEE – SOUNDING OF THE AWAKENING BLAST OF THE HORN – AFRIKAANSE WEERGAWE**

Deur Sarah

Eerste uitgawe: Kopiereg © 2014 – Alle regte voorbehou deur Sarah.

Tweede uitgawe: Kopiereg © 2022 – Alle regte voorbehou deur Sarah van Vuuren.

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gereproduseer, gekopieer, en versprei word met dien verstande dat die boek in sy gehele oorspronklike vorm bly met geen toevoegings of weglatings nie.

Skribaanhalinge geneem uit die Bybel in Afrikaans 1933/1953 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953. Digitale Weergawe © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2012. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. [www.biblesociety.co.za](http://www.biblesociety.co.za) / [www.biblesa.co.za](http://www.biblesa.co.za).

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika verklaar hiermee dat die menings, sienings en teologiese standpunte in die bykomende materiaal in hierdie publikasie nie noodwendig dié van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika weerspieël nie. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika onderskryf nie die gebruik van Bybelteks op enige manier of op enige platform wat moontlik as anti-Christelik beskou kan word of wat onwettige aktiwiteite bevorder nie.

Omslag ontwerp: Rachel-Mari Ackermann

Foto's geneem deur: Naomi

Teksredaksie (2014): My familie

Teksredaksie (2022): Elaine Broekman ([www.audienceofonemedia.co.za](http://www.audienceofonemedia.co.za))

Uitleg: Rachel-Mari Ackermann ([rachelmari@creatiomedia.co.za](mailto:rachelmari@creatiomedia.co.za))

Oorspronklik gedruk deur Paarl Media, Paarl (2014)

Tweede uitgawe gedruk deur Business Print, Pretoria.

Epos: [bridalharvest@gmail.com](mailto:bridalharvest@gmail.com)

WhatsApp: 082 843 3688

Om hierdie reis saam met my mee te maak besoek gerus die webtuiste: [www.bridalharvest.com](http://www.bridalharvest.com) vir nuwe boodskappe van God en vele meer! Jy kan ook van die boeke bestel of 'n gratis kopie in PDF-formaat op die webtuiste aflaai.

# ERKENNINGS

Dankie YHVH, dankie Yeshua, en dankie Heilige Gees vir U genade, vir U getrouheid in die nakom van U beloftes, vir die eer om die boodskapper in U hand te mag wees, dat U my veilig in U hand hou, dat U my die begeerte van my hart gee om U stem te kan hoor, dankie dat U is wie U is! Dankie, ek is SO lief vir U.

Dankie aan my ma. Mammie is my beste vriendin en somtyds wens ek ma kan sien wat ek sien wanneer ek na ma kyk! Dankie YHVH dat U die perfekte ma vir my gekies het. Dankie aan al my familie wat my gehelp het met die redigering van die boek! Jehan, dankie vir al jou hulp met die webtuiste. Aan my "geestelike familie" in Hermanus, baie dankie vir al julle liefde en ondersteuning, ek is baie lief vir julle en waardeer elkeen van julle!

Baie dankie aan my tannie Esther vir die vertaling van die boek.

# INHOUDSOPGAWE

Inleiding	I
1. Die begin van 'n joernaal	1
2. Wat sien jy?	8
3. Genesing	18
4. "Awakening blast of the horn"	22
5. Die Hemel	27
6. Die brandende bos	33
7. Intimiteit	35
8. Die Hel	38
9. Die Leeu van Juda	42
10. Koninkryk	45
11. Die Doop	47
12. Jubilee	49
13. Gebed vir ontwaking	51

# INLEIDING...

**E**k was 12 jaar oud toe God my geroep het. Al wat ek nog ooit wou hê sedert ek klein was, was om God se stem te kon hoor. Ek kon nooit verstaan hoe ons God se kinders is, maar so min van ons kan sy stem hoor nie. In daardie tyd het ek geleer dat een van die wyses waarop God met ons kommunikeer, is deur drome!

**Job 33:14-16** *WANT God spreek op een, ja, op twee maniere; maar die mens let daar nie op nie. <sup>15</sup> In die droom, in 'n naggesig, as diepe slaap op die mense val, tydens sluimeringe op die bed, <sup>16</sup> dan open Hy die oor van die mense, en Hy druk die seël op die waarskuwing aan hulle;*

Hy het my 'n Daniël-salwing gegee (Daniël 1:17), die gawe om die profesieë te verstaan van dit wat ons snags droom, en daarvoor sal ek ewig dankbaar wees vir sy guns en genade. Ek het besef dat Hy wel met sy kinders praat. Hy is 'n God wat kommunikeer, maar ons let nie op nie, en gevolglik verstaan ons nie. Soos Heilige Gees my geleer het, het ek begin groei in wysheid en begrip vir dit wat Hy deur ons drome sê en ek kon ook ander mense help om hulle boodskappe van God (drome en visioene) te verklaar. Dit het vir my baie sin gemaak dat ons drome soos Yeshua se gelykenisse in die Bybel was, daar is 'n geheime betekenis agter die simbole, vir ons om te soek deur die gebruik van sy woord as ons fondasie en deur die wysheid en onderskeiding aan ons gegee deur Heilige Gees.

**Spreekte 25:2** *Dit is die eer van God om 'n saak te verberg, maar die eer van konings om 'n saak na te speur.*

Ons het op daardie stadium daarmee geworstel of dit God se wil vir my was om aan te gaan met skoolopleiding (my ma het my tuisonderrig gegee). Ons het oor die saak gebid en 'n paar dae later het ons 'n vrou ontmoet wat 'n boodskapper van God was, en sy het vir my gesê: "Van nou af is jy in die skool van Heilige Gees. Heilige Gees sal jou leer, Hy is die meester onderwyser en jy is onder sy opleiding. Hy sal jou leer in die nag wanneer jy slaap en gedurende die dag wanneer jy wakker is. Die

drome en visioene sal saamvloei." Sy het my op daardie stadium glad nie geken nie en het ook nie geweet dat ons oor die saak gebid het nie.

Dit was ons antwoord, en van toe af het ek die oorgang gemaak van die skool van die wêreld na die skool van die Gees, waar ek nie leer van wêreldse dinge nie maar van die dinge van die Gees. Ek was so opgewonde oor haar bediening, dat dit vir iemand moontlik was om sy stem só duidelik te kon hoor, en ek het daardie intimiteit met Hom met alles in my begeer. Tydens die daaropvolgende vier jaar het Hy my begin verander. Hy het my 'n nuwe mens gemaak en selfs in 'n droom vir my 'n nuwe naam gegee. My naam was eers Charné, maar Hy het dit na Sarah toe verander, dit beteken prinses. Hy het my in sy Koninklike gesin aanvaar; ek is die dogter van die Koning van alle konings en die vrou van sy Seun, die Prins! Dit was vir my so kosbaar om te besef Hy begeer en aanvaar my. Ek was nie meer my eie nie, want ek is met 'n prys betaal, Hy het my 'n nuwe identiteit in Hom gegee.

**Genesis 17:15** *Verder het God aan Abraham gesê: Sarai, jou vrou, moet jy nie Sarai noem nie, maar haar naam sal Sara wees.*

Ek kan getuig en vir seker sê dat God getrou is om sy beloftes te hou, Hy is getrou om te doen wat Hy sê Hy gaan doen. Gedurende die vier jaar het Hy my werklik geleer deur my drome en ook baie dinge in my lewe aan my uitgewys waardeur ek moes werk – en steeds mee aangaan – want dit is 'n pad van heiligmaking.

By 'n latere geleentheid het dieselfde vrou nog 'n boodskap van God aan my oorgedra wat gesê het dat daar 'n skuif in my lewe gaan kom, dat Hy my nog 'n salwing gee en dat ek nou 'n dubbele salwing het. Nie meer net drome nie maar ook 'n skuif na die profetiese. "Jy sal in die laaste dae 'n profeet wees, jy sal staan in die posisie van 'n profeet," het sy gesê.

Vandag is ek 15 en my enigste begeerte is om gehoorsaam te wees aan wat God my vra om te doen. Een aand nadat Hy my instruksies gegee het om die boek te skryf, het ek YHVH gevra wat die titel van die boek is. Hy het begin praat en gesê ek moet my Bybel by Samuel oopmaak en kyk na die heel eerste ding wat ek sien. Die eerste woorde wat my oog gevang het, was "*my horn is exalted in the Lord*" (1 Samuel 2:1). Hy sê toe ek moet dit weer doen, ek kyk toe op die volgende bladsy, en sonder om te soek laat ek net my oog val op die eerste woorde wat ek sien: "*and exalt the horn of His anointed.*" Ek was verstom! Ek neem toe die Strong's konkordansie en ek soek toe die woord "horn" op, en dit kom van die



woord “yowbel”. Ek lees toe verder en kom by die woord “jubilee” en dit tref my en ek onthou toe van ’n droom wat ek twee jaar tevore gehad het. Ek neem toe my boeke waarin ek al my drome neerskryf en daar is dit, 17 September 2010 (dit was dieselfde droom waarin ek my nuwe naam ontvang het). In die droom is ek onder andere ’n boek gegee. Sarah het die boek geskryf en die naam van die boek was Jubilee. Jubilee beteken *“the sounding of the blast of the horn, an alarm, a warning”*.

Sy woorde aan my was: “Maak hulle asseblief vir My wakker, dit is nodig dat daar ’n ontwaking kom, dat My mense moet opstaan en regstaan soos Ek regstaan. Jubilee Sarah, jy is die horing deur wie ek My waarskuwing en waarheid blaas. Jou mond is My ramshoring. My mense, luister na haar woorde, want soos Jeremia is dit nie haar woorde nie maar Myne, want Ek het dit in haar mond geplaas, sy is slegs die apparaat wat Ek gebruik. Ek het jou self toegerus as My klein arend, gaan uit en loop in gehoorsaamheid, ‘shama’ stap vir stap, Ek sal jou lei. Ek stuur jou uit, My geliefde, dis tyd om te beweeg, maak oop jou mond en laat dit uitkom, dit moet nou na My mense toe gaan, hulle het dit nodig.” Toe sien ek Hom en Hy dra ’n lamp gevul met olie en dit brand. Hy het die lamp gevat en dit op ’n tafel gesit waar mense in die donker gesit het. “Hulle het My lig nodig, Sarah.”

**Jeremia 1:5-10** *Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot ’n profeet vir die nasies gemaak. <sup>6</sup>Toe het ek gesê: Ag, Here HERE, voorwaar, ek kan nie praat nie, want ek is jonk. <sup>7</sup>Maar die HERE het vir my gesê: Moenie sê: Ek is jonk nie; want na wie Ek jou ook al stuur, moet jy gaan; en wat Ek jou ook al beveel, moet jy spreek. <sup>8</sup>Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red, spreek die HERE. <sup>9</sup>Toe het die HERE sy hand uitgestrek en my mond aangeraak; en die HERE het vir my gesê: Hiermee lê Ek my woorde in jou mond. <sup>10</sup>Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant.*

Die begeerte van my hart is dat mense deur die boek sal wakker word en werklik besef ons is in die eindtye, nie om te vrees nie, maar om te besef dat ons gereed moet wees om deel uit te maak van die eindtyd bruid van Christus!

**Openbaring 19:7-9** *Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruihof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. <sup>8</sup>En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. <sup>9</sup>Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi*

*is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.*

Is jy gereed? Is jy die vlekkelose bruid van Christus? Is Yeshua jou Bruidegom of net jou Meester?

**Hoséa 2:15** *En in dié dag, spreek die HERE, sal jy My noem: My man; en jy sal my nie meer noem: My Baäl nie.*

Hy wil meer hê as net 'n "Christen", meer as net goeie werke, Hy begeer 'n bruid, heilig en met 'n rein hart – vlekkeloos! Jy kan sê dat dit nie moontlik is nie, dat ons almal te kort skiet aan sy glorie, maar dit IS moontlik. Hoe is dit moontlik? Dit is slegs moontlik deur die bloed van die Lam.

**Openbaring 12:11** *En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.*

Eer aan my geliefde Yeshua my Messias, Heilige Gees my Helper, en YHVH my Abba!

**Psalm 30:13** *sodat my eer U kan besing en nie swyg nie. HERE, my God, vir ewig sal ek U loof.*

## HOOFSTUK 1

# DIE BEGIN VAN 'N JOERNAAL

*30 Augustus 2012*

**D**it is 04:30 die oggend toe Yeshua my wakker maak. Ek het die vorige aand gedroom hoe 'n vrou (Heilige Gees) oor my profeteer en my self en vir my sê dat YHVH wil hê ek moet begin skryf. Soos ek in my bed gesit en wag het, het Yeshua gesê ek moet 'n boek vat en neerskryf wat Hy sê en my ook herinner aan die droom. Dit was die eerste keer dat ek dit ervaar het dat Hy op dié manier met my praat!

“Vertel vir My kinders dat Ek hulle liefhet, dat Ek wil hê hulle moet op My wag soos jy nou op my wag, Ek sal praat, jy moet net luister, vertel hulle dat die trein binnekort gaan vertrek. Dis amper tyd. Dis voor die deur. Oefen om My stem te hoor. Ek is My geliefde s'n en My geliefde is Myne. As jy na My toe kom en op My wag, sal Ek groot wysheid aan jou openbaar en dinge in jou oor fluister wat jy nie geweet het nie, diep dinge, geheime dinge van My Koninkryk.

“Vertel vir My kinders dat daar baie dinge aan die kom is, baie vernietigende gebeurtenisse, maar Ek sal My bruid beskerm, want Ek het haar lief. Ek sal haar oppas en in My hand hou. (Die bruid is simbolies vir voorbereide kinders van God.)

“Diep dinge, geheime wysheid van My Koninkryk word nou vrygestel, word gegee aan dié wat Ek gekies het en wat ag geslaan het op My verlange, My roep. Hulle soek na My hart, soos jy. Wees net lief vir My, Sarah, Ek is dol daaroor as jy net lief is vir My en My aanbid. Hou net jou oë op My en Ek sal jou ver hoër vat as wat jy ooit kan dink of droom. Fokus op My! Begeer My hart en wag op My. Kan jy sien dat Ek net wil hê My bruid moet vra en aan My gehoorsaam wees?

“Weet jy dat baie van My kinders dink Ek wil nie met hulle praat nie, hulle dink hulle is nie goed genoeg nie, maar dis nie waar nie. Ek gee nie om op watter plek jy is of waar jy in jou verhouding met My staan nie, Ek wil graag met elkeen praat, maar almal glo dit nie, en dan wag hulle nie op My nie. Wag op My, My volk!

“Moenie vir hulle vertel net wat hulle wil hoor nie, vertel hulle wat Ek vir jou sê en leer, Ek sal die woorde in jou mond sit, moenie bang wees nie, My kind, hou net jou oë op My! Ek sal jou self leer. Moenie luister na wat mense dink oor wat jy sê nie, dink wat Ek dink, en moenie dink aan wat jy dink hulle gedagtes is oor die dinge wat jy sê nie.”

## TOETS

“Weet jy dat Ek gereeld toelaat dat My kinders getoets word? Jy moet getoets word, want dit is wat jou sterk maak, net soos wanneer jy in die skool is, want Ek wil graag vir My kinders nuwe dinge gee en hulle hoër neem, die toetse stel jou in staat om te ontvang wat Ek vir jou wil gee!

“Ek sal vir jou die pad wys, bly net in My, Sarah. Jy sien, Ek sal jou leer, vertrou My net. Leer om My stem te hoor. My mense moet leer om te begin onderskeid tref tussen die stem van hulle siel (gedagtes) en die stem van hulle gees (Heilige Gees). Ek is Gees, so Ek praat Gees tot gees. Ek sal jou help om jou siel stil te maak en My geestesstem beter te hoor.

“Selfs al het jy wysheid oor baie dinge van My en My Koninkryk, is daar baie mense wat nie het nie, en hulle het vroeë oerhoekom dinge nie uitwerk soos Ek gesê het dit sal nie. Baie dinge is nie soos hulle dink dit is nie, maar Ek ken die waarheid. Julle weet nie wat agter die skerms is waar die oog nie kan sien nie, want julle wag nie op My dat Ek julle kan wys nie.

“Baie van My kinders hoor nie My stem nie, selfs nie as hulle wil nie, want hulle fokus is op hulleself, hulle omstandighede, hulle wêreld. Hulle hoor My nie eers as Ek saggies waarhede in hulle ore fluister nie, want die klank van selfgesentreerdheid is oorverdowend. Daardie stem van selfgesentreerdheid, My kind, is die gedagtes van mense se harte wat nie op My gerig is nie. Hulle het afgode in hulle harte omdat hulle volgens die Babiloniese stelsel leef. Weet jy hoe verag Ek dit dat mense aan My behoort maar hulle dien ander gode, hulle hoogmoed maak dat hulle dink hulle is in die lig, maar hulle is eintlik in die duister, so mislei

en verblind deur wêreldse dinge. Dit maak My seer, as hulle maar net weet hoe lief Ek hulle het, sal hulle dit neerlê. Ek sal waarlik dié wat louwarm is uit My mond spoeg. Ek hou nie daarvan as mense My op hulle lippe het, maar dis nie wat in hulle harte aangaan nie. Jy sal geskok wees as jy sien wat in baie van My mense se harte aangaan, en dit groei in goddeloosheid omdat hulle nie na My toe kom met hulle seer en pyn nie. Ek sal begin om vir jou mense se harte te wys sodat jy kan sien wat Ek sien as Ek na mense kyk.

“Bly in kommunikasie met My, praat gereeld met My, My geliefde, en weet dat Ek jou vreeslik liefhet! Jy is My prinses, My bruid, My skone!

“My dogter, jy sal nie altyd My stem so hoor nie, maar moenie moedeloos raak as gevolg daarvan nie, weet net dat Ek altyd by jou is, altyd aan maniere dink om jou te seën, jou te troos en jou lief te hê. Vir ’n seisoen sal Ek jou wakker maak in die oggendure en jy moet skryf, dit sal jou opbou en jou leer.

“Dit is waarlik so, dat dit wat dwaas is in die oë van mense, is wat die kosbaarste is in Myne. So, weet wie jy is, My lief, jy is My kroon van vreugde, My juweel! Weet dit en moenie fokus op dít wat goed, aanvaarbaar en perfek is in die oë van die wêreld nie. Binnekort, My lief, binnekort sal jy vir ewig saam met My wees! Ek kan nie wag om jou gesig te sien as jy vir die eerste keer jou Eerste Liefde, jou Bruidegom, sien nie. Dit is baie naby, jy moet net wag en op My fokus.

“Weet jy hoe gereeld My mense hulle oë van My afhaal? Hulle weet nie wat dit werklik beteken om op My te fokus nie, maar Ek leer jou, want soos jy weet, sal jou gedagtes getransformeer wees tot dít waarop jou oë fokus!

“Vertel vir My mense wat die waarheid is, nie almal sal hoor of verstaan nie, maar moenie jou daarvoor bekommer nie, dit is My werk om hulle te laat hoor en verstaan, al wat jy moet doen is praat, vertel wat jy sien, want Ek sal alles vir jou wys.

“My Koninkryk is verlate, Dawid het geweet hoe om My hartsnare te raak met sy hartsliedere vol passie in aanbidding tot My. Mense raak so weggevoer deur hulle omstandighede, as hulle net weet WIE EK werklik is, soos jy, Ek sien die manier waarop jy glimlag as jy net aan My dink, want jy ken My hart. Jy kan My nie aanbid in gees en in waarheid as jy My nie ken nie! My bruid ken My, sy ken My voor- en afkeure, want sy

spandeer tyd saam met My en leer My ken. Sy ken My karakter, Ek is een Gees en een waarheid. Daar is geen onderskeid in My nie. Dit wat nie die waarheid is nie, is NIE EK nie.

“My Koninkryk is nie gekompliseerd nie, dit is eenvoudig. Daar is ’n sekere manier waarop dinge gedoen word in My Koninkryk, My weë! Dit is mense se vooropgestelde idees en vleeslikheid wat dinge kompliseer. Ek is nie ’n gekompliseerde God met reëls en regulasies wat wag om My kinders te straf as hulle foute maak nie, so hoekom sien mense My dan so? Ek is ’n sagmoedige God wat jou liefhet, wat jou aanmoedig om dinge te doen gebaseer op My Koninkryk se beginsels, want My manier is die beste en My weë lei na die lewe! Ek moedig mense aan om in heiligheid te wandel, Ek is lief vir heiligheid want EK IS Heilig!

“My bruid is soos EK, Ek is haar beeld, as Ek na haar kyk sien Ek die werke van My Gees wat My beeld in haar gevorm het omdat sy My toegelaat het om haar te verander. Neem kennis, My lief, Ek staan by die deur en Ek klop, Ek huil en vra My mense om alles te los en My te volg, om alles agter te laat. Sal julle dit vir My doen?”

## DIE GROTER PRENTJIE

“Weet jy, Ek huil gereeld oor My kinders, Ek is so lief vir hulle maar hulle sit nog steeds en murmureer in Egipte. Party het dit selfs gemaak tot in die woestyn, maar hulle sit nou in moedeloosheid en depressie omdat hulle nie die proses van ‘eie ek neerlê’ kan hanteer nie. Alles omdat hulle nie waarlik weet wie Ek is nie, en as gevolg daarvan, kan hulle nie die groter prentjie sien nie, hulle weet nie wat op hulle wag nie. Daar is ’n groot beloning vir dié wat die resies in volharding met uithouvermoë en geloof klaarmaak, vir dié wat stap vir stap gehoorsaam het. Dit beteken nie dat hulle nie gestruikel het nie, dit beteken nie dat hulle nie moeg en moedeloos geword het nie, dit beteken slegs dat hulle na My gekyk het in daardie omstandighede, want My Koninkryk is altyd naby vir dié wat daarna uitreik en dit aangryp, wat My vra vir krag. Ek is die brood van die lewe, Ek is die bron van lewende water, Ek verfris, herstel, hernu, versterk, bemoedig en bou op, as julle net na My wil draai en wegdraai van die vyand se stem wat julle probeer vertel dat dit nie die moeite werd is nie, dat julle te swak is en dit nooit sal maak nie, dat dit te moeilik is en dat dit nie vir julle is nie maar vir ‘spirituele’ mense...

NEE! Dit is vir jou! Dit is vir almal wat dit wil hê. Ek verlang om aan almal My goedheid te gee wat dit wil hê. Proe en sien dat Ek goed is! Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob, soos wat Ek met hulle was en hulle gelei het, so ook sal Ek saam met jou wees en jou lei!

“My volk, maak asseblief julle harte skoon van afgodery! Asseblief! Volg My weë, My weë is wat die beste is vir jou, dit mag soms bitter smaak vir die rebelse siel, soms moeilik, maar dis die beste vir jou. Eet My brood (woord) en drink van My volheid, dit droog nooit op nie!”

## RUACH HAKODESH

Daar is opgewondenheid in Yeshua se stem toe Hy sê: “Laat Ek jou vertel van Heilige Gees, My sewevoudige Gees wat My Koninkryk vestig. Heilige Gees is die deel wat hemel en aarde verbind deur My na Vader! Jy het Heilige Gees nodig, jy het My Gees nodig om jou met My te verbind. Dit is baie belangrik, omdat Heilige Gees soos ’n naelstring is waardeur jy My wysheid en My waarheid ontvang. As jy nie vir Heilige Gees het nie, het jy nie onderskeidingsgees nie en sal jy maklik om die bos gelei kan word. Baie mense het My Gees, maar daar is dinge wat die vloei van My Gees stop. Sal julle asseblief die mense wat julle teenstaan vergewe, seën en liefhê, en ASSEBLIEF, BELY! As julle net die pragtige werk kan sien wat Heilige Gees in julle doen wanneer julle bely – dit is soos ’n metamorfose! Dis ’n algehele verandering en dis pragtig! Heilige Gees is baie kunstig en vervolmaak meesterstukke binne-in almal van julle. Heilige Gees gee aandag aan die kleinste en fynste besonderhede en maak dit perfek! As julle Haar net wil toelaat om Haar werk te doen want Sy is uitstekend in alles wat Sy doen. Daar is krag in My Gees! Krag om dit wat dood is op te wek. My Gees is ’n lewegewende Gees wat alles nuut maak. Dit is Haar hart, om alles te vernuwe en te restoreer. Heilige Gees is die een wat julle gereedmaak vir wat julle deur My van My Vader sal ontvang. My Gees is Ruach Hakodesh!

“Ek verlang dat my mense ’n intieme verhouding met My, as die Vader, die Seun en Heilige Gees, moet hê, dat Ons één kan wees met julle!”

## ABBA VADER

“Daar is so baie dinge om jou te vertel oor wie EK IS. Abba Vader is liefde! As mense net die ware hart van My Vader ken. Dis heiligheid,

regverdigheid en vergifnis wat deur My kom. Abba Vader is die Voorsiener, Hy is die begin en die einde, die eerste en die laaste. Hy is Ek, die Vader deel van My. Hy is lief vir seën. Baie mense sien Abba Vader as hard, onredelik en onbereikbaar, maar dis onwaar, YHVH is liefde en sy gedagtes aangaande jou is deernisvol. Ek is VER bo die gedagtes van die mens, ver bo wat die mens kan begryp, dink of verstaan, EK IS DIE SKEPPER, en Ek is lief vir gehoorsaamheid. Ek is die Een wat opdragte gee, Ek weet wat die beste is!”

## YESHUA

“Aangaande My, Ek is My Vader se Eersgeborene, EK IS die appel van sy oog. Hy het My sy Koninkryk en gesag oor alles gegee. Deur My is alle dinge, Ek is genade en barmhartigheid. Ek verstaan wat dit beteken om ‘n mens te wees, leer meer oor My lewe en doen soos Ek gedoen het. Ek is die vervulling van My Pa se begeertes deur die krag van Heilige Gees! Ek het dit volbring! EK IS! Wat Ek vir julle uit soveel liefde gedoen het, is meer as wat julle kan begryp. Alles wat julle nodig het, sal julle in My vind. Ek is die pad na die Vader se hart omdat niemand Vader ken behalwe Ek nie. Ek is lig! Ek is die gewer van lewe. Alle dinge is deur MY. Ek is die gewer van goeie gawes en Ek het julle die kosbaarste geskenk gegee wat julle ooit kan ontvang – My bloed. My bloed is My lewe, My liefde en My genade. My bloed is vir heiligmaking en reiniging. My bloed is die einde van dood en verwoesting, die einde van diereoffers en werke. Ek was die volmaakte offer. Daar is niemand soos Ek nie, Ek is die Messias, die waarheid, die weg, en die lewe. Ek is die Een wat was en is en binnekort weer kom om met die bruid te trou wat My Vader vir My gekies het en Heilige Gees vir My voorberei het. Ek kom ook om oorlog te maak en diegene te oordeel wat My verwerp het!

“My oë soek deur die hele wêreld en Ek soek na ‘n bruid soos getroue Rut, wat My gewilliglik sal volg, en soos Rebekka, wat in gehoorsaamheid en geloof loop, al kan sy nie sien nie. Ek soek ‘n bruid wat nie meer leef vir haarself nie maar wat haar lewe vir My neergelê het. Sal julle gewillig wees, My kinders, om alles wat bekend is agter te laat en weg te beweeg van die sisteem van Babilon (wêreldse sisteem) af, en na My Koninkryk toe te kom. Sal julle die minder bekende pad vir My stap? Sal julle My volg? Ek is op soek na dié wat blinde geloof het, wat nie kan sien nie maar in My glo. As jy My met jou mond bely en in jou hart glo dat YHVH My uit die dood opgewek het, sal jy gered word!”



## GEBED

“Gebed is soos musiek in My ore, Ek is opgewonde daarvoor as My mense bid, en Ek luister! Ek sal slegs antwoord op dit wat uit ’n opregte hart kom, want Ek hou nie van sielsgebede nie. Ek verkies dat My mense My Vader se hart sal bid, Ek wil hê hulle moet toelaat dat Heilige Gees deur hulle bid. Ek hou nie daarvan as My mense net bid voor hulle bed toe gaan en dan aan die slaap raak nie. Wanneer wil julle dan hê moet Ek antwoord? Wanneer kry Ek tyd om te praat, julle luister nie eers na My as julle kerk toe gaan nie, julle luister na wat ’n man oor My sê. Ek wil met elke mens privaat praat, net Ek en jy. ’n Man en ’n vrou het hulle intieme tyd in hulle binnekamer. Baie van My mense gaan na die kerk toe om deur mense gesien te word, om gemeenskap te hê met gelowiges, en wanneer die tyd aanbreek om My te aanbid, aanbid hulle My nie in gees en in waarheid nie, jy moet sien waaraan hulle dink, hulle lippe beweeg met woorde wat niks vir My beteken nie omdat daar geen hart daaragter is nie!

“Tyd is nie iets wat julle kan gebruik as ’n verskoning nie, dit is net ’n sisteem wat gebruik word om ’n gevoel van orde te skep, daar is ’n tyd vir alles. Maar My mense maak nie eers meer tyd vir My nie. Ek het nie eers meer ’n dag nie, satan het dit ook van My gesteel deur My kinders se ongehoorsaamheid. Ek kan niemand forseer nie, Ek wil hê julle moet uit julle eie tyd maak om saam met My in gebed te spandeer, en nie net altyd wanneer julle bid, net vir julleself te bid nie, maar om vir ander in te tree. Wanneer julle bid, lê julle harte voor My neer en praat met My oor wat daarin is en laat My toe om My hart voor julle neer te lê en te praat oor wat binne-in My is.

“Ek wil julle met My hart vertrou, want Ek sal nie My kosbare dinge deel met dié wat dit gaan verwaarloos en weggooi nie. Daar is baie beginsels van gebed wat Ek My mense wil leer. As julle VRA, wag en luister sal Ek julle wys!”

## HOOFSTUK 2

# WAT SIEN JY?

*31 Augustus 2012*

**D**it was 01:30 toe Yeshua my wakker maak. Ek het gedroom ek staan en hoor 'n stem wat my vra: "Wat sien jy?" Ek antwoord toe en sê dat ek 'n groot vuur met vlamme sien. Weer het die stem gepraat en gevra wat ek binne-in die vuur sien. Ek het geantwoord dat ek reënboë binne-in die vuur gesien beweeg het, soos "aurora lights".

Yeshua het begin praat. "Binne-in die vuur is die volheid van My Gees! Daar is baie wysheid binne-in My weggesteek, in My toegesluit vir dié wat na My hart seek. Ek wil hê My mense moet op My fokus en lief wees vir My en nie fokus op dít wat Ek vir hulle kan doen nie.

"Kyk en sien, verskuif julle aandag, wanneer julle oë kontak maak met Myne sal julle sien wat Ek sien. Daar is baie misleiding omdat My mense hulle oë van My afhaal, die waarheid is binne My, dis wie Ek is!"

Ek het onmiddellik begin bid dat Hy my sal help om my oë op sy oë gefokus te hou, sodat ek kan sien wat Hy sien en ek het Hom gesmeek om my meer te vertel. Ek het gehoor hoe Hy saggies sê: "Shhhhh, wag op My in stilte en Ek sal jou wys hoe getrou Ek is."

Ek het ophou bid en net in stilte by Hom gesit en amper dadelik gehoor hoe Hy liefdevol sê: "Ek het nie gesê Ek gaan lank vat nie," asof Hy in afwagting gewag het vir my om myself in stilte en afwagting gereed te maak sodat Hy kan praat!

"Laat Ek vir jou iets vertel, My skat, My hart brand met passie vir My kinders maar hulle dring nie My heilige vuur binne sodat Heilige Gees hulle kan verfyne en reinig nie. Ek is sag en sal dít bietjie vir bietjie doen. My mense moenie dink dat omdat Ek verandering in hulle verlang Ek julle nie alreeds aanvaar soos julle is nie. NIKS kan maak dat Ek julle

meer of minder lief sal hê nie. Maar as julle My liefhet, sal julle My gehoorsaam en My toelaat om verandering in julle harte te bring!

“Ken die stem van julle Herder! Deur My profete en boodskappers roep Ek uit in die woestyn dat julle die pad vir My sal voorberei. EK IS die Koning maar My mense gehoorsaam nie My opdragte nie en luister eerder na die nuus en negatiewe dinge, hulle leen hulle ore uit aan die dinge van die wêreld en sit nie na My en luister soos hulle voor die TV sit nie. Hulle praat nie met almal met wie hulle in aanraking kom oor My soos wat hulle oor die nuutste wêreldgebeurtenis kan praat nie. Wees versigtig waarna julle kyk en wat julle waarneem want dit saai saad in julle harte en dit sal vrugte dra.

“Die dinge wat Ek julle vertel is om My mense hoër te neem, om hulle ore oop te maak en My wil te hoor, want baie wéét nie. Dis nie om julle te veroordeel nie; Ek probeer nie om julle te laat skuldig voel nie. Ek wil hê julle moet gehoorsaam wees. Wees nederig en gewillig om te leer, My kinders!

“My kinders is so foutsoekerig en so ongelowig dat, wanneer Ek praat, twyfel hulle of hulle reg gehoor het. Wanneer Ek ’n gawe gee, sê hulle Ek het die verkeerde mens gekies – ‘nie ek nie, Here!’ Dink julle nie dat Ek die beste weet nie? Dit is omdat My mense op hulle onvermoë fokus en nie op My nie. Dink julle nie Ek is in staat nie? My mense, as julle My sal toelaat sal My Gees kragtig deur julle werk!

“Te lank het hierdie wêreld voortgegaan in rebellie, genoeg nou! Julle het My genoeg verwerp. Die tyd het gekom, niemand sal die presiese uur weet nie, Babilon gaan onkant betrap word, maar My bruid sal weet wanneer Ek naby is, want sy sal die klank van die basuin hoor!

“Ek praat werklik nie met almal op dieselfde manier nie, Ek praat op baie verskillende maniere, want, My kinders, Ek het julle almal anders geskape en Ek ken julle harte. As jou hart suiwer is, sal jy My duideliker hoor, maar as jou hart onrein is, sal Ek praat, maar dit sal ongehoor bly as gevolg van julle siele se warboel. Julle sal nie eers weet dat Ek praat nie! Dit is baie belangrik dat julle siele suiwer moet wees, dit is julle voorbereiding vir My wederkoms, want dit is waar Ek My olie sal ingooi vir dié wat op My wag en in gehoorsaamheid wandel. Ek kan nie My olie in iets gooi wat vol is nie. Ek kan slegs olie gee aan dié wat hulle siele gereinig het in gehoorsaamheid en nederigheid en hulle harte leeg gemaak het van die dinge wat hulle verontreinig het.

“Sien jy hoekom Ek daarvan hou as jy op My wag? Dis omdat jy jouself ter syde stel! Ek hou van jou stilte, daar is ’n tyd vir jou om te bid en daar is ’n tyd om jou gedagtes stil te maak sodat Ek kan praat! Die manier waarop jy deurbreek is belydenis – BELY en jy sal My Koninkryk sien kom!

“Sal jy ook asseblief vir My mense die belangrikheid van erkenning en belydenis leer? Erkenning is anders as om net te bely, dit beteken dat jy jou sonde insien, dit bely, en dan 180 grade van jou sonde wegdraai (jou bekeer). Jy moet jou eie hart ondersoek, erken dat jy sonde het en dit dan bely en daarvan wegdraai. Mense is so vol trots dat hulle van My verwag om alles te doen maar in werklikheid moet hulle binne-in hulself kyk en dit dan erken!

“Moenie soos Adam en Eva wees en dit in skaamte wegsteek en dan met skuldgevoelens sit nie. Ek is getrou om te vergewe deur die storting van My bloed! Daar is slegs vergifnis van sonde deur My bloed! My bloed is al wat jy nodig het, dus moet julle jul harte voorberei deur belydenis maar julle moet dit erken, insien, jammer wees en daarvan wegdraai!”

## SAAD EN ALTARE

“Daar is saad binne-in jou, My saad! Laat Ek jou vertel van saad. Saad werk deur woorde. Wanneer jy na My woord luister word saad in jou hart gesaai. Daardie saad groei dan binne-in jou en word wat jy op die altaar plaas. Dit waarna julle kyk wat nie van My is nie, is ook saad wat gesaai word en dan groei, en dit word wat jy offer.

“Jou hart is die altaar waarop jy daagliks offer, wat jy offer is wat jy dan voor My bring. Wanneer My saad binne-in jou is, sal jy eer en lofsange offer, jy sal ’n lewende offer wees. Maar wanneer daar sondesaad in jou hart gesaai word, sal die offer wat jy na die altaar bring aan demone wees en nie aan My nie. Hulle sal die vrugte eet wat jy dra, want die saad wat in die eerste plek gesaai is, was nie My saad nie. Vir daardie rede is dit baie belangrik om gedurig en gereeld My woord te lees, want sodoende saai dit My saad in jou en sal jy vrugte dra wat waardig is van My! Besef jy, Ek eet van jou vrugte? Ek soek na mense wat vrugte dra en aanbied wat waardig is vir My om te ontvang. Ek sal slegs van vrugte eet wat uit ’n rein hart kom! En dan wonder mense hoekom selfs My kinders demone het, maar My kinders neem deel aan dinge wat nie van My is nie, dit saai saad in hulle harte en die saad groei om goddelose vrugte

te word wat dan na die altaar gebring word en sodoende die demone voer! Wanneer hulle te lank gevoer word, trek hulle in, want julle word dan vir hulle 'n bron van lewe. Julle gee aan hulle alles wat hulle wil hê sonder dat julle dit besef, so hoekom sal hulle nie bly nie?

“Jy is jou vrugte, gee jouself heilig aan My, want Ek is honger vir vrugte wat My eerbiedig, wat vir My aangebied word in reinheid en regverdigheid! Julle bring óf 'n offer aan My óf aan demone! Kyk na Adam en Eva: hulle het aan die slang, satan, geoffer omdat hulle hul ore uitgeleen het aan woorde wat hulle tot verkeerde vrugte gelei het!

“Die woorde wat die slang aan hulle gesê het, was sy saad wat hy in hulle gesaai het, want hulle het waargeneem wat hy sê, en daaroor gedink, net om te word wat hulle gedoen het! Wat jy waarneem, word wat jy sê, wat jy sê, word wat jy doen en uiteindelik wie jy is. Die saad kom deur die dinge waarna jy luister, op fokus, aan deelneem en waarneem, en die offer van die vrugte daarvan.

“Ek verlang van My mense se harte, gedagtes, wil, emosies, woorde en fokus om 'n lewende offer te wees, heilig in My, wat My vrugte dra, want My vrugte kan nie groei as mense nie aan hulleself sterf nie, net soos die belofte oor wat met Abraham se saad sal gebeur nie kon gebeur as hy dit nie neergelê het nie.”

**Johannes 12:24-26** *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.* <sup>25</sup>*Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe.* <sup>26</sup>*As iemand My dien, laat hom My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees; en as iemand My dien, sal die Vader hom eer.*

“Mense dink dat daar niks meer dinge is wat opgeoffer moet word nie. Ek vra nie meer dat daar offers gemaak word vir sonde nie, want Ek was die volmaakte offer vir sonde, maar Ek vra wel dat 'n offer gemaak word, nie 'n diereoffer nie, maar 'n sielsoffer, waar jy jou eie ek neerlê en heilig leef!

“My belofte kon slegs vervul word deur Abraham se gehoorsaamheid om sy seun te offer. Isak was Abraham se saad, en sy saad moes doodgaan vir die belofte om vervul te word. Vir julle om 'n lewe in oorfloed – wat My belofte aan julle is – te ontvang, moet julle jul 'self' (eie ek) neerlê. Abraham was gewillig om sy seun te offer. Ek het My Seun geoffer. Sal julle bereid wees om julle siele te offer in gehoorsaamheid aan My?

“Offers gaan oor gehoorsaamheid. Julle sal weet aan julle vrugte of julle aan My gehoorsaam is, want as julle is, sal julle nederig wees, maar as julle die heerser van die wêreld gehoorsaam, die slang, sal julle vrugte van selfgesentreerdheid dra.”

## REËNBOOG

“Die reënboog is ’n teken van My verbond. Ek sê vir julle, dié wat nie in ’n verbondsverhouding met My is nie, sal in My komende oordeel van ’n rebelse volk verdrink. Ek vra julle, My volk, sal julle in ’n verbondsverhouding met My wees? Want die reën gaan kom, maar Ek het ’n ark van My beskerming voorberei vir dié wat My opdragte gehoorsaam het.

“Daar was agt mense in die ark. Sien jy wat Ek sien as Ek na die syfer ‘8’ kyk? Ek sien twee ringe wat één is! Verbond! Net dié wat in ’n verbondsverhouding met My is, sal veilig wees!”

**Psalm 50:5** *Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit!*

“En die diere, My kind, wat dink jy beteken die diere? Hulle het die ark in pare binnegegaan, twee-twee, en hulle sou voortplant... dus moet ons ook ’n paar wees, twee wat een word deur ’n verbond, getroud in ’n eenheid waar jy My saad dra en My vrugte voortbring, waar jy binne die ark van My teenwoordigheid bly!

“Ek stuur jou uit, My duif, sal jy vir My ’n volk bring wat ingeënt is in die Wingerdstok? Ek is die ware Wingerdstok en julle is My lote.

“My takke is afgebreek deur die sondeval, maar ’n verbond met My sal julle weer in My inent waardeur ons dan pragtige vrugte sal dra vir My Vader se oes. Kan jy sien wat My begeerte van die begin af was? EENHEID! Ek wil hê My bruid en Ek moet dans in eenheid, Ek lei en sy volg, omdat julle nie altyd die volgende tree ken nie, maar Ek weet. Ons moet dans op die ritme van My Vader se hartklop op die musiek van My Gees in vertroue en gehoorsaamheid.”

## MY BOEK

“My boek (woord) bevat baie diep, diep dinge. Jy kan nie alles die eerste keer verstaan nie, dis ’n proses. Moenie gefrustreerd of ontmoedig word

as daar iets in My boek is wat julle nog nie verstaan nie. Loop stap vir stap in My, want wanneer Ek My kinders leer, sal Ek nie aanbeweeg tot Ek seker is julle begryp ten volle nie. Ek is die goeie Leermeester en Ek het baie om My kinders te leer!

“Ek begeer kinders wat gretig is om na My gelykenisse te luister en daaruit te leer! Wanneer Ek diegene leer wat vir My Gees-skool opdaag, is dit altyd uit My boek. Ek hou daarvan om dinge te verduidelik deur ’n prentjie uit alledaagse dinge te skets, sodat julle kan verstaan, maar baie verstaan steeds nie. Ek praat nie onsin nie, Ek is ’n diep God, en daar is so baie diepte in alles wat Ek sê.

“Die mense verstaan nie die manier hoe Ek verkies om te praat nie. Ek hou daarvan om in gelykenisse te praat, dis My gunsteling! Ek doen dit so want vir die ywerige student wat My vra om aan hulle te verduidelik wat daar staan, vir hulle kan Ek dit verduidelik, maar vir dié wie se grond nie goed is om te ontvang nie, hou Ek My kosbaarhede geheim. My pèrels is vir My kosbaar, hulle is die kunswerke van My Gees. Ek verlang dat My kinders graag My wysshede sal wil verstaan. As hulle My ken sal hulle verstaan hoekom Ek so praat. Ek maak dinge oop vir dié wat Ek kies en hou dit gesluit vir ander, vir ’n rede.”

## DROME

“My dogter, hierdie boodskap is vir jou om aan My mense te gaan vertel dat Ek wel in die nag met hulle praat wanneer hulle diep slaap. Ek is die bron van drome, dit kom van My af! Ek verkies om met julle te praat wanneer julle slaap want julle kan My meestal nie hoor nie, as gevolg van julle siele se ‘wollerigheid’. Alle drome is van My, Ek gebruik hulle om te waarsku en om My waarheid bekend te maak, te lei en te rig, om bloot te stel wat in julle harte is, en om My wil bekend te maak. Dit is een van die baie maniere waarop Ek praat, maar mense beskou dit as *‘garbage in, garbage out’* soos hulle dit stel. Dit is die eintlike gemors, wees versigtig om nie My woorde opsy te stoot net omdat julle dit nie verstaan nie! Drome word deur Heilige Gees geïnspireer en julle kan net met My hulp die ware betekenis daarvan verstaan. Daar is baie mense wat mislei word en valse interpretasies gee omdat My woord, wat die sleutel tot die betekenis is, nie hulle bron is nie. Ek hou die betekenis geheim en praat op ’n manier wat baie nie verstaan nie, vir ’n rede, Ek wil hê julle moet My soek om dit te kry.”

## LOOP OP WATER

“Die water is die wêreld, Ek wil hê dat julle bo-op die wêreld moet loop. Wees óp die water, nie ín die water nie, wees óp die wêreld, nie ín die wêreld nie! Om op water te wandel is om in My vrede te loop. Ja, vrede! Want as julle nie vrede het nie, is julle harte onrustig. My Gees is ’n Gees van vrede, daar waar vrede is, kan My Gees rus. Jy sal nooit ware vrede in die wêreld vind nie. Ek is die enigste Een wat jou ware vrede kan gee. Ek begeer vir My kinders om in die vrede van WIE EK in hierdie wêreld IS te loop, en nie in hulle omstandighede nie.

“Dink julle Petrus kon dit op sy eie doen? Nee, dit was Ek. Ek het dit moontlik gemaak! Ek het dit moontlik gemaak vir julle om in vrede te beweeg, in My, bo julle omstandighede, want Ek het julle deur My genade gevang. In genade het Ek My hand uitgesteek en julle van verdrinking gered. Vir julle om bo-op en nie binne-in die wêreld te loop nie, moet julle geloof hê in WIE EK IS, en dan moet julle uitkom. Kom uit julle gemaksones, want geloof bly nie daar nie, kom uit die wêreld, kom uit slawerny en vrees, kom uit jou ou gedagtepatrone.

“My volk, moenie tevrede wees met die dinge van die wêreld nie, daar is meer! Kom uit en kom saam met My, want Ek het ’n soliede rots onder julle voete geword, julle vaste fondasie. Loop in My, moenie na julle omstandighede kyk nie, kyk na MY! Ek is nie ’n God van die natuurlike nie, maar van die bonatuurlike! Bly in My, maak oogkontak met My, en julle sal ver bo die dinge van die lewe uitstyg, bo omstandighede, in My vrede!

“Kan julle die dinge sien wat Ek julle wil leer as julle My net vra, en julle self posisioneer en wag om dit te ontvang?”

## BLARE AAN DIE BOOM

**(Matthéüs 21:18-19)**

“Blare is werke, maak seker dat as Ek by julle kom en honger is, dat daar vrugte aan julle bome is en nie net blare van werke en woorde nie! Ek soek bome wat in My Woord geplant is en in My liefde gewortel is, gevoed deur die rivier van lewende water, met die gesindheid van Christus, met die vrugte van My Gees, en goeie werke wat deur geloof kom, nie die wet nie! Ek kan NIKS doen met vrugtelose mense nie. Ek



kan die grootste toekomsplanne vir julle hê, maar sonder My vrugte as julle karakter kan Ek nie My mense gebruik nie!

“Maak seker dat julle nie net werke en woorde aan julle bome het nie, maar rein harte, gevul met geloof!”

## GATE IN JOU SIEL

“My mense, dit is die gate in julle siele wat julle weghou van My teenwoordigheid! My salwing kom en gaan deur die gate, wanneer sal My volk ophou kerm? Wanneer gaan julle sien dat Ek reeds alles voltooi het, maar dat julle die dinge wat Ek in julle hande geplaas het moet gebruik om heel te word? Heling is ’n proses; dit is nie iets wat jy onvang met verlossing nie. Dit is die werking van My Gees soos julle My toelaat om julle deur die pynlike proses te neem. My mense moet My toelaat om die by se angel uit te haal, andersins gaan daar net nog meer en meer pyn en seerkry wees! Julle moet My vertrou as Ek vir julle sê om te VERGEWE, dit is die eerste stap na heling, dis soos om die angel uit te haal wat die gif van bitterheid in julle harte inpomp. Vra My en Ek sal julle help om dit uit te kry, maar dan moet julle doen wat Ek julle vra.

“Omdat julle aan My behoort, is julle reeds dodelik allergies vir die steek van onvergewensgesindheid! Seën is die instrument wat Ek sal gebruik om dit te verwyder; julle moet My net toelaat om dit te doen. Mense sal julle altyd seermaak, verwerp, verwaarloos, misbruik, en gebruik, maar julle is Myne en Ek verskaf vrylik die teenmiddel teen die dodelike steek, julle moet dit net inspuit deur te vergewe en te seën, en dit sal julle nie kan seermaak nie! Moenie julle oë op die mense plaas nie, maar op MY! Hierdie is een stap wat My mense moet leer in die proses van heel word!”

## DIE WOORDE VAN JOU MOND

“Die woorde van jou mond is ’n kragtige wapen, dit maak óf dood en verwoes óf dit seën en bring lewe! Ek hou nie van vloek nie! Mense dink dis net woorde maar dit is nie, want dit bring nie eer aan My nie! As jy My nie op jou lippe het nie, hou dan eerder jou mond toe! As jy nie kan seën en lewe spreek nie, bly dan eerder stil! Ek eer woorde wat My eer. Dink julle dat sinnelose geselsies lewe bring? NEE, dit hou jou oë gefokus op jou omstandighede, terwyl om lewe te spreek, jou oë op My gefokus hou! Jy sal baie stil word as jy besef hoe baie van jou woorde

My nie eer nie! Dis 'n smal weg! Moenie jou omstandighede en situasies aanhoudend oorvertel aan almal wat jy sien nie, bring dit vir My, en as jy nie lewe daarin kan spreek nie, bly stil! Om lewe te spreek, is amper altyd die teenoorgestelde van die situasie of omstandighede. Lewe is in My! Wanneer jy lewe spreek, spreek jy My in die situasie in! Ek verlang om My mense se monde te gebruik as instrumente en kragtige wapens wat lewe dra, gesag, seën en vuur, maar mense wil nie gehoor gee aan My begeerte nie. Asseblief, eer My met julle woorde deur te seën en lewe te spreek!”

## DIE HEKKE

“Die hekke is besig om toe te gaan, binnekort gaan daar nie meer tyd wees om binne te gaan nie, want dié wat volhard en verdra het, wag al gereed en dié wie se lampe met olie gevul is, wag alreeds binne die hekke! Dis net dié wat op die laaste oomblik nog inglip, en dan sal dit toe wees vir die louwarmes wat net halfpad daar was!

“Binne-in die hekke sal die bruilofsmaal plaasvind waar die Bruidegom en sy bruid, wat haarself reggemaak het, sal trou, en die ander sal buite moet wag totdat die tyd aanbreek vir ons om terug te kom! Hulle wat My beperk het om slegs hulle gees met olie te vul, maar nie hul siel nie, kan nie ingaan nie, en kan dus nie ontvang wat Ek aan hulle wou gee nie. Julle moet julleself heeltemal oorgee en elke deeltjie van julle eie ek neerlê. Ek het julle gees gered, maar julle het My nie toegelaat om julle siel ook te red nie, want julle het aangehou met julle eie weë, julle sal te laat wees, julle sal juisself voor 'n geslote deur bevind, want julle het 'n kans gehad maar dit verbeur omdat julle te besig was om julle vleeslike wêreldse lewe te geniet en dat julle juisself nie wou neerlê nie!

“Dié wat saam met My gaan oorlog voer sal beskerm word deur My bloed, die woorde van hulle getuïenis en omdat hulle nie hulle eie lewens tot die dood toe liefgehad het nie! Hoe kan Ek 'n maagd binne toelaat wat 'n maagd is, maar wat haarself nie aan My wil gee nie? Hoe kan Ek haar inlaat as sy nie in staat is om saam met My oorlog toe te gaan nie? Dié wat reg is om saam met My oorlog toe te gaan, het deur die toetse in hulle lewens op aarde gegaan en hulle word beskerm deur My bloed, deur die woorde van hulle getuïenis, en hulle het nie hulle eie lewens tot die dood toe liefgehad nie, en daarom is hulle voorbereid, want My bruid is 'n vegterbruid! Hoe kan Ek dié toelaat om in te kom

wat nie in staat is om saam met My oorlog te voer nie, omdat hulle nie die 'self' kon oorgee nie, en nie die toets geslaag het nie!

“Ek vertel julle die waarheid, nie almal sal die bruilofsmaal betree nie, net dié wat My in hulle siele ook het, wie se denke, wil en emosies leeg gemaak is van hulle 'self' en oorgegee het, en dit vir My gegee het. Hulle het MY in hulle denke en het nie gelykvormig geraak aan die wêreld nie maar het gedagtes wat verander is deur die vernuwing van hulle denke en wat leef volgens My goeie, aanvaarbare en perfekte wil, wie se emosies nie beheer word deur eie ek nie maar deur My Gees. Hulle is My wyse maagde! Hulle het hulle kruise opgeneem en nie hulle eie lewens te lief gehad nie. Sy het My toegelaat om haar siel heel te maak. Sy het al haar onreinheid en oervloedige boosheid in haar hart neergelê en in sagmoedigheid My ingeplante Woord ontvang, gewortel in haar hart en dit het haar siel gered! Hulle is My ware bruid!”

## HERLEWINGVISIOEN

Nadat Yeshua met my gepraat het, het ek gevoel hoe Heilige Gees dit op my hart lê om vir Hermanus, asook Suid-Afrika, vir 'n ontwaking in die mense se harte te bid, en dat die ontwaking belydenis sal bring, en dat die belydenis winde van verandering sal bring, en dan sal die winde van verandering HERLEWING bring!

Toe sien ek 'n visioen. Ek het marsjeermusiek gehoor, soos dromme en die ramshorings wat geblaas word, dit het soos 'n olifant wat trompetter geklink (die stem van 'n profeet wat 'n waarskuwing uitstuur). Ek het mense van Hermanus sien saamkom, hulle het wit klere aangehad en het vlae gedra (oorwinnaars), hulle het begin marsjeer (in lyn met God se wil) in die rigting van die son wat ondergaan (eindtyd). Toe sien ek die hele Suid-Afrika, en die mense met die wit klere en vlae het rondom die kus van Suid-Afrika gestaan, amper soos 'n tou (eenheid). Toe sien ek 'n reusegroot hand (God se hand) met 'n fakkel (vuur van God). Die hand het Kaapstad aan die brand gesteek en toe sien ek hoe die mense wat al om die grense van Suid-Afrika gestaan het, aan die brand raak, soos 'n tou, en binne sekondes was die hele Suid-Afrika aan die brand!

### **Esra 9:8-9**

Daar sal 'n herlewing in Suid-Afrika kom!

# HOOFSTUK 3

# GENESING

*8 September 2012*

“**G**enesing is in jou hande, jy het dit in jou hande! Gee die stappe vir genesing aan dié wat gebroke is, soos wat jy was. Verwerping hou My volk in slawerny, in ’n hok van pyn. EK IS die enigste Een, die enigste manier uit, en Ek sit die sleutels in jou hand om hulle te help. My mense, kom asseblief na My toe, met alles!

“My dogter, My koms is so naby, nader as wat meeste dink. My mense is vas aan die slaap, maak hulle asseblief vir My wakker. Asseblief! Ek wil nie hê dat enigeen vergaan nie! Lei hulle asseblief na My. Hulle het My nodig, maar hulle besef dit nie. Alles stuur hulle in die rigting van vernietiging. Ek het iemand nodig om hulle in My rigting te stuur. Kom na My toe dat Ek julle kan red, dis baie naby en as julle nie heel is nie, kan julle nie My olie binnehou nie!”

*12 September 2012*

“Daar is belangrike stappe in die genesing van die siel. Eerstens moet jy jou stukkende, seer siel na My toe bring en dit voor My op My altaar neerlê sodat Ek My lig in jou hart kan skyn en Ek aan jou kan openbaar wat daarbinne is.

“Op jou reis na vryheid en heling is VERGIFNIS die eerste stap! Ek kan niks doen as jy nie eers vergewe nie, met vergifnis kom seën, seën is soos om te gee, dit breek die slawerny!

“Ná vergifnis en seën kom liefde! Jy het iets nodig om die gat in jou siel te vervang en te vul en dit is My liefde. Jy moet na My toe kom om My liefde te ontvang want dit is wat jy nodig het om jou gedagtes te

verander. My liefde sal jou in staat stel om jou hart te verander teenoor dít waaroor jy aanstoot geneem het.

“Baie vra My om hulle te help vergewe en wag dan vir iets bonatuurlik om te gebeur om hulle te verander, maar vergifnis is ’n keuse om te verander. Ek is die enigste Een wat jou hart kan verander, maar Ek het jou nodig om jou gedagtes te verander, Ek kan nie jou hart verander as jy nie jou gedagtes verander nie! Jy het ál die gereedskap in jou hande, begin dit net gebruik! Ek begeer vir My kinders se harte om gesond te wees sodat hulle kan vry wees!

“’n Hart wat onrein is, lei tot slawerny. Ek het gesterf sodat almal gesond, vergewe, heel, vry, gered, en verlos kan wees. Wanneer jy My aanneem kom Ek in jou in en maak jou gees nuut en een met My. Baie preek net oor die feit dat jy gesond, vergewe, vry, en nuut is, en dat jy nie meer ’n sondaar is nie, maar die waarheid is dat jou géés al daardie dinge is (1 Johannes 5:18), maar in jou vlees is jy steeds ’n sondaar, steeds siek, gebroke, en ongered, totdat jy die ou mens neerlê.

“Hoekom leer hulle nie My kinders van die belangrikheid van oorgawe van jou siel nie? Waar Ek die seer genees en jou heelmaak, en waar jou gedagtes een word met My gedagtes!

“Dit is ’n BAIE belangrike aspek in jou wandeling saam met My, want as jou siel nie gesond, oorgegee, geheilig, nederig, en heel is nie, kan jy nie ten volle ontvang wat Ek vir jou in plek het nie! Daar is ’n sekere manier waarop Ek dinge doen. My herders is veronderstel om My skape in die waarheid te lei, op My manier, maar hulle fokus net op wat Ek gedoen het en glad nie op wat jy moet dóén met dít wat Ek jou gegee het nie.

“Luister na My, My kinders, wanneer julle preke hoor wat net vir julle vertel wat Ek gedoen het, en nooit vir julle vertel wat julle daarmee moet doen nie, hoor julle net halwe waarhede en word julle mislei. Dit is nie waar dat julle niks hoef te doen nie, wat Ek van julle vra is gehoorsaamheid. Dit was nie My plan dat alles moet stop by My genade nie, beweeg dieper in, in wie EK IS, want Ek is ook heilig, Ek kyk na die hart en sien die rebellie in julle siele. Ek het julle gered, maar My genade bedek nie die sonde in julle harte as julle dít nie bely nie! (Romeine 6.) Jou siel word nie gered wanneer jy My aanvaar nie, en jy sal nie gespaar wees van die dinge wat kom as jou siel nie gered is nie, jou siel word gered deur belydenis, en daarby bedoel Ek verandering, hernuwing, transformasie, heiligmaking en reiniging!

“My bruid is VLEKKELOOS, Ek sê vir julle, as julle nie deur hierdie proses gaan nie, is julle louwarm – warm in die gees want My Gees woon daar, maar yskoud in jou siel as gevolg van woede, trots, rebellie, onvergewensgesindheid, selfgesentreerdheid, en ongehoorsaamheid wat daar woon. Meng die warmte met die koue en julle weet wat Ek dan met julle sal maak! Daar is nie meer tyd om doekies om te draai nie, nie meer tyd om te slaap of om onkundig en passief te wees nie, Ek vertel julle die waarheid, daar is nie meer tyd nie, julle moet wakker word en die waarheid deur My oë sien en nie net altyd na jou dominee of pastoor luister nie. Ongelukkig is dit wat hulle leer nie altyd die volle waarheid nie, luister vir My, word wakker!

“Ek sit al die gereedskap in jou hande wat jy nodig het, soos My boek as jou swaard om deur verkeerde gedagtes, gesindhede van die hart, en verkeerde oortuigings te sny, sodat jou hart besny kan wees, asook vergifnis, My bloed, gebed, en vele meer.

“Ek is die Pottebakker, My Gees het jou opgetel en jou gemeng, jy wat stof is, met My Gees wat lewende water is, en het jou klei gemaak in My hande. Ek weet waarvan My Vader hou en Ek wil jou verander en in ’n pot vorm wat eer aan Hom sal bring, laat My toe!

“Ek verlang dat julle siel en gees weer één sal wees, soos aan die begin toe Ek julle geskape het, in eenheid met My, want daar kan julle vrylik My volheid ontvang.

“As julle hierdie baie, baie belangrike stap van julle heiligmaking deurdat julle siele gered is, mis, sal julle nie deel hê aan die lewe van oorfloed wat Ek vir julle hier op aarde beplan het nie (Johannes 10:10), want julle sit met die een voet in en die ander voet uit.

“My dogter, sê vir My mense dat die ou eie ek eers moet uitkom. Baie wil ontvang wat Ek wil gee maar hulle raak nie éers ontslae van al die ou bagasie wat hulle terughou nie. Dit is hoekom Ek toetse en verdrukking toelaat, want dit druk julle sodat die onreinheid kan uitkom! Dis soos ’n wurm wat onder jou vel ingekom het omdat jy iewers besig was met dinge waarmee jy nie veronderstel was nie. Die wurm is jou sondige natuur en dit eet jou van die binnekant af op. Wanneer Ek ’n bietjie druk toelaat, dan skuif dit tot op die oppervlak. So, wanneer Ek dit toelaat en dit verskyn op die oppervlak, vat dit asseblief stewig vas met die knyptangetjie van herkenning en HAAL DIT UIT deur dit te bely! Baie

mense verwyder dit nie, want van die buitekant af lyk alles piekfyn, hulle kan nie sien wat daardie ding aan jou binnekant doen nie, en dis net te ongemaklik om dit net uit te haal.

“Wanneer jy dit wel uithaal, sal dit ’n leë spasie los wat met My Woord en My waarheid gevul moet word, want dit is wat jou sal vrymaak, en My liefde sal jou genees!

“Hoor My woorde, asseblief, My kinders, en doen asseblief wat Ek julle vra om te doen, dit is die verskil tussen louwarm wees en buite te moet wag, of om My bruid te wees en saam met My by die bruilofsmaal te kan ingaan! Die dinge wat jy dink verkwik jou siel op hierdie aarde sal wegval, en wat gaan jy dan oorhê? Laat Ek jou vertel, ’n titel, prestasie, status, geld, of enige materiële dinge, gaan jou niks help nie. Ek kyk na jou hart en na gelang van wat daarbinne is! MOENIE aan hierdie wêreld gelykvormig raak nie – aan wat goed, aanvaarbaar, en perfek in die wêreld is nie – leef volgens My Koninkryk!”

## HOOFSTUK 4

# “AWAKENING BLAST OF THE HORN”

*15 September 2012*

“**H**ou aan om die pad van gehoorsaamheid te stap, Ek het jou gehoorsaamheid nodig. Baie is so mislei, My dogter, Ek kom binnekort. En wanneer Ek dit sê, bedoel Ek dis baie naby! Ek wil nie hê My kinders moet ontspanne wees daaroor nie, want daar is só baie wat aan die slaap is! Ek wil hê julle moet ’n gevoel van dringendheid hê, wees haastig. Ek wil hê jy moet My mense help om betyds op die trein te kom. Ek wil hê dat dié wat wakker is en sien, weet dat My koms naby is, en hulle bure gaan wakker maak, lei hulle na My! Waarsku die mense om jou, waarsku hulle, selfs al luister hulle nie, JULLE IS IN DIE LAASTE UUR!

“Die verdrukking – dit gaan ’n verskriklike tyd wees vir dié op die aarde. Dié wat louwarm was, sal daardeur moet gaan, maar My bruid sal Ek oppas en beskerm, want soos sy aan My getrou was, so sal Ek aan haar getrou wees.

“Die hemel is in rep en roer, die engele is besig om alles reg te sit. Versoeke kom in en antwoorde gaan uit. Ons is opgewonde, My skat, want My dag kom nader! Maar My hart is ook ontsteld vir dié wat dit nie betyds gaan maak nie, en wat gaan agterkom hulle het verslaap in plaas van oorwin!

“My mense, Ek het ’n roos vir My bruid, ’n roos van liefde, en ’n traan vir dié wat mislei is. As jy nie vir MY of My hart ken nie – My wil, en My weë – sal julle om die bos gelei word. Dit is hoekom Ek direk met julle



praat deur 'n boodskap aan My mense, want hulle luister nie andersins nie, en hulle luister nog steeds nie, as gevolg van gemengde saad in hulle harte. Hulle veronderstelling van wat hulle dink gaan gebeur en van wie hulle dink Ek is, blok My waarheid. Word wakker! Dit is nie soos julle dink dit is nie. Ek het julle tyd gegee maar wat het julle daarmee gedoen? Julle het dit in selfgesentreerdheid spandeer, en nie soekend na My nie! My hart is bedruk, want behalwe vir My bruid, is almal mislei, selfs My kerk! Bid vir daardie mense; moenie ophou bid nie, hou aan bid tot die einde. Waarsku hulle en bid dan, dit is die beste ding wat julle vir hulle kan doen."

*17 September 2012*

"Dit is naby, regtig naby! Dinge is besig om te verander, Sarah, baie vinnig! Binnekort sal dit aanbreek, waarsku die mense en blaas die trompet! Blaas, dogter van Sion, in die stad en by die hekke, sodat die mense kan hoor! Word wakker, staan op, en kom saam met My weg! Word wakker, word wakker, hou op sluimer en word wakker! Jou Bruidegom is op pad!

"As jy nie die stem van Heilige Gees ken nie, sal jy nie die klank van die basuin hoor nie en sal dit dan mis. Kerk, JULLE HET MY GEES NODIG! Sonder My Gees is daar geen lig nie en geen lewe binne julle nie.

"Ek sal jou terugstuur na die kerk, maar dié keer as My profeet, om hulle te waarsku. Jy sal vir hulle sê wat Ek sê jy vir hulle moet sê, sodat hulle kan sien Ek is YHWH! Hulle het Heilige Gees desperaat nodig, daar is geen lig in hulle nie, Sarah, hulle is mislei en hulle weet dit nie eers nie, verblind deur godsdiens, dogma, wettiesheid, valse genade, onkunde, en wetteloosheid. Ek sal vir baie sê: 'Ek het jou nie geken nie!' omdat hulle My nie geken het nie!

"Verbandsverhouding is wat Ek wil hê, waar Ek jou Bruidegom is en jy is Myne alleen, vir My afgesonder, geseël en eenkant gehou omdat jy JA gesê het vir My aanbod. My vraag aan jou is: Sal jy jouself ter syde stel, doodgaan aan eie ek, leeg word, en jou lewe verloor in gehoorsaamheid aan My, sodat Ek jou met My olie kan vul?

"Deur van My verbondsbeker te drink, en daardeur bedoel Ek bely, te kies om te leef volgens My wil en jou gewoontes te verander, aanvaar jy

en sê jy ja! Dit is daar waar Ek kan begin om jou heilig te maak, die kerk is in godsdienstige maar Ek soek 'n verbondsverhouding! Dis gee en neem, My kerk, Ek het gegee, Ek het My lewe gegee en julle het dit geneem, maar wanneer sal julle vir My gee? Om die titel Christen te hê, af en toe te bid, Bybel te lees, en kerk toe te gaan, is nie wat Ek wil hê nie, maar julle wil My nie meer as dit gee nie! Ek wil 'n intieme liefdesverbondsverhouding hê. Wat Ek wil hê, is dat jy jouself gee, jou siel, Ek wil 'n lewende offer hê, rein en geledig van eie ek, heel houër wat tot oor die rant toe vol is van My olie – Heilige Gees!

“Daar is net 'n paar, omdat My kerk vas aan die slaap is! Dis nie die tyd vir boodskappe wat met 'n suikerlagie bedek is nie, vertel hulle wat Ek sê Sarah, Ek praat hard want Ek wil hê hulle moet wakker word! Blaas die basuin in die kerk sodat hulle wakker word!

“Die kerkleiers mislei, hulle praat nie altyd die waarheid nie! Hulle bou nie My Koninkryk nie, maar hulle eie, en hulle gebruik nie My planne – wat goed, aanvaarbaar en perfek is volgens My wil – nie, maar wat van die wêreld is! Ek sê vir julle, elke koninkryk wat nie My Koninkryk is nie, sal val! Alles gaan ontbloot word en almal sal kan sien wie louwarm, aan die slaap, en onvoorbereid was, en wie gesoek, gekyk, gewag, en voorberei het.

“Baie wil nie gaan nie, hulle wil op die aarde bly, want hulle is tevrede met die dinge van die wêreld. Hulle wil nie eers saam met die Een wees wat hulle so liefhet dat as hulle die volle impak van daardie liefde kon ervaar, dit vir hulle te veel sou wees, te veel vir hulle liggame om te hanteer en hulle sou sterf, nie. Hulle harte sou gaan staan, want My liefde sou te veel wees vir hulle om te ontvang! Hulle het My nie lief nie; hulle is liefhebbers van hierdie wêreld en hulle vind hulle plesier in aardse dinge.

“My rooi tou hang nog steeds af, vir dié wat sal erken hulle het redding nodig, My genade, My kruis. Wat hulle nodig het, is by My kruis!”

*20 September 2012*

“Daar is twee soorte Christene: een wat die titel ‘Christen’ het, wat bid, kerk toe gaan, en af en toe Bybel lees, maar aangaan in hulle eie weë, en een wat deel word van My familie en Heilige Gees toelaat om hulle

te verander, reinig, restoureer, en vernuwe. Die eerste soort sal dit nie maak nie want hulle het nie genoeg olie of die swaard in hulle hande nie, hulle sal nie dít wat Ek vir hulle wou gee kan ontvang nie.

“Ek het die ark van beskerming voorberei vir die storm wat kom, dit is binne-in My, en Ek sal dié beskerm wat binne is, maar My mense leef nie hulle lewens binne-in My nie! Ek wil hê My kinders moet hulle tente kom opslaan binne-in WIE EK IS!”

Ek het ’n winkelsentrum gesien en Yeshua het begin om vir my ’n gelykenis te vertel.

“Ek het gekom en julle by die winkelsentrum (in die wêreld) afgelaai met ’n lysie (My woord is die lysie) van dinge wat julle vir My moes doen, want Ek kon nie saam met julle gaan nie, want Ek moes vir ’n rukkie by My Pa se huis wees. My wil vir elke liewe een van julle is om alles te doen waarvoor Ek julle op die aarde gesit het om te doen, en om dan vir My te wag om julle te kom oplaa.”

Ek het gesien hoe die winkelsentrum begin skud, en Yeshua het gesê: “Alles gaan geskud word, maar dié wat gedoen het wat Ek van hulle gevra het, staan op ’n soliede klip, hulle sal nie beweeg nie. Ek sal hulle kom optel voor dinge heeltemal inmekaarstort, maar die ander sal val omdat hulle nie na My woorde geluister het nie. So baie se aandag het afgelei geraak en hulle fokus is op wêreldse dinge. Die alarm (waarskuwing) gaan af en raak al hoe harder, maar hulle hoor nie! Beskou julleself as gewaarsku, dinge begin alreeds skud, en dit gaan net erger raak. Doen wat Ek julle hier gesit het om te doen – My wil en om My Koningryk te vestig!”

**Mattheus 7:24-27** *Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met ’n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. <sup>25</sup>En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. <sup>26</sup>En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met ’n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. <sup>27</sup>En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot.*

“My mense, asseblief, praat deurlopend met My, Ek is opgewonde daaroor en Ek smag daarna, so baie verwerp My, en al wat Ek wil hê is dat julle My aanvaar en lief is vir My. Omdat Ek julle eerste liefgehad het, het Ek Myself gegee om vir julle My groot liefde te wys!

“’n Oorlog soos die een van Pearl Harbour is wat gaan kom, dit is My oordeel en vernietiging teen ’n rebelse volk en dit sal in hulle nag wees (geestelik aan die slaap). Sarah, eers stuur Ek baie, baie waarskuwings uit sodat die mense in veiligheid kan kom, maar hulle hoor nie! Die alarm gaan af en dié wat wakker is hoor My roep en waarsku die ander, maar hulle sluimer verder en sê vir dié wat hoor ‘om op te hou om so ’n lawaai te maak, julle is paranoïes, dit sal vir seker nie gebeur nie, hulle sê Hy is ’n God van liefde’. Hulle maak aannames, maar hulle is aan die slaap en hulle weet nie wat werklik aan die gang is nie.

“Dit is so hartseer, My lief, dat die meeste eers sal hoor as My getroues weggeraap word na veiligheid. Dit is bloot net ’n geval van My Vader se tydsberekening en toestemming tot vrystelling, en dit sal die wêreld tref. Hulle sal soveel berou hê, want hulle sal besef jy was reg. Baie sal dán eers na My toe kom, maar hulle sal moet uithou, want hulle wou hulleself nie betyds voorberei nie. My bruid is My eerste oes, hou aan om hulle te waarsku, My geliefde!”

## HOOFSTUK 5

# DIE HEMEL

*9 September 2012*

“Dit is nou jou tyd, My dogter, Ek wil jou uitstuur, jy is reg! Ek wil jou hoër neem, want jy was getrou. Moenie bang wees nie, vertrou My, Ek sal voor jou loop en vir jou My vuur gee! Wees getrou met die drome, Ek wil jou deur hulle gebruik, want baie verstaan nie My boodskappe in die nag nie.”

Ek het 'n visioen gesien waar Yeshua vir my 'n vliegkaartjie na Israel gee...

Ek was by die lughawe en het deur die groot vensters gekyk. Dit was aand en daar was verskriklik baie sterre. Ek het 'n vuurpyl gesien en Hom hoor sê: “Ek gaan jou lanseer soos 'n vuurpyl,” en toe styg dit op. Ek het na die hemel gekyk en gesien hoe engele die hemel oopmaak, en soos hulle dit oopmaak, skyn 'n helder, wit lig deur. Daar was trappe wat in die hemel opgegaan het en Yeshua het op die boonste trap gestaan en Sy hand na my toe uitgesteek, geglimlag, en gesê ek moet na Hom toe opkom! “Ek het jou vir 'n lang tyd voorberei maar dit is nou tyd dat jy jou gesag opneem as 'n koning in My Koninkryk. Dis oestyd, jy was getrou oor die geringe en Ek sal jou aanstel oor baie!”

Daarná het ek 'n baie mooi, groot, wit arend gesien wat baie hoog vlieg. Daar was wit lig wat gelyk het asof dit uit die arend se vlerke skyn soos wat hy vlieg, en ek het Hom hoor sê: “Jy is My arend!”

Die volgende oomblik was daar 'n wit leer met robyne daarop wat uit die hemel gekom het, en Yeshua het vir my gesê ek moet aanhou klim want ek sal bo uitkom. “Ek sal jou opbring na die hemel toe om alles by My te ontvang, jy sal My Koninkryk hierbo kom ontvang en dit afbring aarde toe, na die mense toe! Jy is My profeet, en My Vader het jou self gekies, selfs nog voor jy in jou ma se moederskoot was. Jy is geskape vir hierdie

doel. Ek raak aan jou oë, Ek gaan jou oë oopmaak om die onsienlike te sien, want jy het die toets geslaag!

“Ek sit ’n nuwe mantel om jou, dit is die mantel van die volheid van My sewevoudige Gees! (Dit was ’n pragtige mantel in die kleure van die reënboog.) Dinge is besig om te verander, te verskuif, kom hoër en neem jou gesag op. Dit is tyd! Ek sal jou lei en jy moet die volk in die beloofde land in lei, al wat jy moet doen, is om hulle te vertel wat jy voor jou sien, dít wat hulle nie kan sien nie.”

Yeshua het aan my ’n silwer septer met ’n fakkeltjie aan die bokant gegee, dit was gevul met vuur en Hy het ’n silwer kroon op my kop gesit. “Volg die wolk, Sarah, bly onder die wolk!”

Die Koning het na my gekom en gesê: “Kom, My dogter, Ek wil jou inseën in jou posisie van gesag.” Ek het voor Hom neergebuig, Hy het sy hand op my kop gesit en my geseën en gesê: “Ek het gevind dat jy waardig is, My duif, My lief, My koningin. Jy is Myne! Ek het jou geroep, Samuel, en jy het op My roepstem gereageer.”

Hy het die deure van die bruilofsfees oopgemaak vir my om vinnig binne te loer... Ek het die gedekte tafel gesien, alles was gereed. Daar was menoras op die tafel, en ek was ook bewus van ons plekname wat reeds op die tafel was. Die hele tafel het in goud geskyn, dit was pragtig!

“Glo My, wat jy sien, is waar. Jy het jou keuse gemaak en nou vereer Ek jou, omdat jy My met jou keuses eer!”

*23 September 2012*

Yeshua het my 05:00 wakker gemaak om te skryf. Ek het die hele nag gedroom, en die laaste ding wat ek onthou voordat ek wakker geword het, was ’n vrou (Heilige Gees) wat my roep en ek het wakker geword terwyl ek na haar toe hardloop met opwinding, gretig om te hoor wat sy gaan vertel wanneer ek by haar kom. Ek kan ook onthou hoe sy my vertel het: “Dit is jou tyd.” Ek het regop in my bed gaan sit en ek het my boek opgetel en Hom weer gevra om die stem van my siel (gedagtes) stil te maak en om die volume van my gees se stem (Heilige Gees) harder te maak sodat ek Hom duidelik kan hoor. Eers het Hy vir my gesê om die drome wat ek daardie nag gehad het, neer te skryf, omdat ek hulle sou

vergeet as gevolg van wat ek die oggend van Hom sou ontvang. Ná ek dit neergeskryf het, het Hy begin om te praat: “Dit is jou tyd, staan op en neem op jou gesag. Ek wil jou iets nuuts wys vanoggend. Gaan en vertel vir die mense dat daar ’n hemel en ’n hel is!” Yeshua, in sy pragtige kleed van wit lig, het sy hand na my toe uitgehou en my genooi om op te kom na Hom toe, na die hemel, waar ons op die see van glas geloop het.

Yeshua en ek het toe op ’n heuwel gaan staan met pragtige groen weivelde en ’n uitsig oor baie wonings. Ek het Hom met ’n desperaatheid in sy stem hoor sê: “Daar is baie, baie wonings in My Vader se huis. Daar is ’n plek vir almal, en dis My begeerte om almal saam met My hier te hê!”

Terwyl ons daar gestaan het, het Hy gesê: “Ek wil hê dat jy My seun, Dawid, moet ontmoet.” Ek het Dawid op ’n perd na ons toe sien aangery kom, hy het ’n rooi mantel om hom gehad, en jy kon sien dat hy ’n koning was. Die drie van ons het daar gestaan en Dawid het vir my vyf klippies gegee en vir my gesê: “Sarah, gebruik dit, hulle sal jou groot oorwinning gee soos wat jy in die Naam van YHVH baklei! Hierdie vyf klippies is: Aanbidding, die Naam van YHVH, sy Woord, Heilige Gees, en die Bloed van die Lam.”

Skielik het ek daarvan bewus geword dat ek vegterklere aan het, dit was nie “fancy” klere soos ’n Romeinse soldaat nie, dit was meer eenvoudig, en ek het meer gelyk soos iemand wat nie die nodige toerusting aan het om te gaan veg nie, maar ek het gehoor hoe Yeshua sê: “Dit is dié wat hulle gevegte wen omdat hulle nie deur krag of deur sterkte kom nie, maar deur My Gees, in My Naam!” Toe besef ek dat ek soos ’n skaapwagter lyk, en dat Yeshua bedoel dat dít is hoe Hy wil hê ons moet lyk, net soos Dawid het, want selfs al lyk ons in die “natuurlike” (in ’n mens se oë) soos ’n herder se seun, sal ons in oorwinning en gesag wandel, want ons kom nie deur krag of deur sterkte nie, maar deur sy Gees in sy Naam!

Ek het by Yeshua se voete gekniel want Hy het vir my gesê Hy wou my self. Hy het sy hand op my kop gesit en gesê: “Ek self jou met dieselfde olie waarmee Ek My seun, Dawid, gesalf het! Sodat jy jou Goliat kan verslaan en ook ander kan leer om dieselfde te doen en daarná jou gesag as koningin in My Koninkryk kan opneem.

“Sarah, sal jy My asseblief eer deur wat julle noem ‘die Joodse feeste’? Dit is My vasgestelde tye, My heilige dae! Eer hulle, nie uit wet nie, maar uit liefde.” Hy het geglimlag en gesê: “Hulle sal vir jou seën bring, Ek

belowe jou." Ek kon aanvoel hoe lief Hy vir sy heilige dae is, en dat Hy begeer dat ons dit moet heilig as Syne.

Ek kyk na pragtige Yeshua, sy hare is byna haselneut bruin, Hy het 'n denim met bruin leersandale en 'n wit linnehemp aan. Hy glimlag en kyk vir my met soveel liefde en deernis en Hy sê vir my: "Jy is My bruid, Sarah." (Ek was omtrent dieselfde ouderdom as Hy, in my dertigs). Hy het vir my gesê ons staan onder 'n reënboog en skielik het ek bewus geword van die pragtige helder kleure rondom ons. Hy het gesê dat die reënboog ons (my en Sy) naelstring is (dit verbind my en Hom).

"Ek het My wysheid daarin gesit en dit vloei na jou gees, tel dit op en sit dit in jou mond, spreek dit, en gee dit vir die mense om te eet. Hulle het dit nodig, dit is bitter vir die siel, maar, My geliefdes, dit is wat julle nodig het. Daagliks sal Ek jou van die hemelse manna gee om met My mense te deel, gee dit aan hulle, want hulle is uitgehonger na wat Ek jou gee.

"My volk, julle moet ook doen wat Ek Sarah geleer het om te doen, dan sal julle ook julle deel ontvang soos sy haar gedeelte nou ontvang. Die reis na jou beloofde land wag vir jou, daar is 'n tou regdeur daardie reis, maak jouself daaraan vas met jou lewe, want die nagte is donker en lank, en daar is nie meer tyd om te mors nie, hou aan beweeg in die nag (in tye van benoudheid en probleme, in die donker nag van die siel), want wanneer die dag breek en die somer kom sal jy sien jy bevind jouself by die rivier, gereed om dit oor te steek."

Ek het daarvan bewus geword dat ek 'n wit linnerok aan het, Yeshua was aan my regterkant en Heilige Gees aan my linkerkant, Sy (Heilige Gees) was daar, ek kon Haar sien, maar ook nie, want Sy is soos asem, soos die wind, soos water met reënboë binne-in en byna silwer en deursigtig. Sy is onbeskryflik mooi! Sy het 'n goue kroon op haar kop met sewe edelstene in die kleure van die reënboog. Sy het gesê: "Ek kroon almal met My Kroon (sewe Geeste) wat na My dors en My daarvoor vra!"

**Openbaring 4:5** *En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand;*

**Jesaja 11:2** *en op Hom sal die Gees van die Here rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die Here.*

Yeshua en Heilige Gees het my in die rivier waar ons gestaan het in geneem, reg na die middel, ek het geweet Hulle gaan in om my te doop. Toe sien ek Vader God op Sy goue troon in sy heerlikheid, ek kon Hom



nie sien nie, want Hy is soos goue lig en vuur. Hy het vooroor gesit op sy troon. Hy het na ons afgekyk en ek het in my gees gevoel dat Hy glimlaggend kyk wat ons doen, dit was amper asof Abba vir Yeshua gesê het om voort te gaan. Yeshua het na Abba gekyk, Hy het vir Hom geglimlag, en toe is die drie van ons heeltemal onder die water en daar, onder die water, het ons één geword! Ek het opgespring uit die water met albei my hande in die lug uitgestrek na Abba, en ek het geskree: "YHVH, YHVH, YHVH!" Daar was so baie emosie binne my dat ek dit nie kon hanteer nie, dit was meer intens as wat woorde kan beskryf. Ek hoor myself toe praat in 'n hemelse taal! Yeshua het toe gesê dat ek vandag my taal in die gees ontvang het en dat ek moet oefen, en dan sal ek daarin groei.

Daarna het ek en my geliefde Yeshua in 'n pragtige veld geloop, en Hy het vir my 'n wit blom gepluk en gegee, Hy het na my gekyk op 'n manier wat niemand anders ooit kan nie. Toe ek daaraan ruik, het 'n skoelapper gekom en daarop gaan sit, dit was so rustig en bevredigend om saam met my Geliefde te wandel! Alles was so intens pragtig en kleurvol! Hy het gesê: "My Sarah, kom, Ek wil jou iewers heen vat, Ek weet jy gaan baie daarvan hou," en soos Hy dit gesê het, het ek dadelik geweet waarheen ons gaan!

Yeshua het die deure oopgemaak na die hemelse biblioteek, binne was daar baie engele, en hulle was baie besig, hulle het goue penne gehad. Ek het die Boek van die Lewe gesien en die engele het name binne-in geskryf, Yeshua het gesê: "Hulle doen net wat vir hulle gesê word om te doen, hulle besluit nie self oor enige iets nie." Toe sien ek my naam is reeds in die Boek geskryf. "Sarah" was in goud geskryf en dan was dit ook in Hebreeus geskryf. Weereens het Hy geglimlag en gesê: "Jy weet wat Ek jou nou gaan wys!"

Hy het my na die rakke gevat, gevul met só baie boeke. Hy het 'n boek uitgehaal en gesê: "Dit sal 'n boek wees, nie jôu boek nie, maar My boek, want alles wat binne-in geskryf word, sal nie jou woorde wees nie, maar MYNE!" Die boek was silwer en turkoois met reënboë (simbolies). "Hemelse wysheid sal binne-in wees, en jy moet dít wat Ek jou wys na die mense neem, want wat Ek jou gee, is nie net vir jou alleen nie."

Liefdevol het Yeshua gesê: "Kom, My bruid, dit is baie om in te neem, en wat jy nodig het, is dat dit 'n bietjie moet insink! Vertrou My, want wat jy sien is waar."

Hy het my na 'n pragtige plek van rus en vrede langs die water geneem. Hy het op 'n rots gesit en ek het op sy skoot gesit, sy arms was om my gevou en ek was heeltemal binne-in Hom toegedraai. Ons het net daar gesit met 'n uitsig oor die skoonheid van die hemel, waar Hy my toegelaat het om alles in te neem.

Toe sê Hy: "Jy gaan 'n 'baba' hê, Ek sit die saad in jou gees en dit is die geboorte van 'n nuwe bediening! Nou is die tyd, My lief, My klein arend, wat ook nie meer so klein is nie, Ek blaas jou uit My hand uit en Ek sal altyd voor jou uit gaan, Ek sal altyd voor jou loop. Dit is die seisoen waar Ek My getroue dienaars se beloftes tot vervulling laat kom, dit is die seisoen om jou beloofde land binne te gaan!"

Die laaste ding wat Hy gesê het, was dat ons vir ons geliefdes moet bid... en toe het ek stadig na die werklikheid teruggekeer, waar ek besef het wat gebeur het, en al kon ek dit nie meer sien nie, kon ek nog steeds die arms van my geliefde Yeshua om my voel, soos ons nog steeds op die rots sit.

## HOOFSTUK 6

# DIE BRANDENDE BOS

*27 September 2012*

Ek het 'n droom gehad waar my kop met olie gesalf is, en die naam van die olie op die bottel was "die brandende bos". Ek het Hom gevra: "Wat van die brandende bos?" en daardie nag, terwyl ek in my joernaal geskryf het, het Hy my weer na die hemel geneem.

Ons (Yeshua en ek) het weer op die see van glas geloop en op 'n groen heuwel langs die water gaan sit. Dit het net soos wat Psalm 23 dit beskryf gelyk. Ons het daar gesit, en Moses het na ons toe aangestap gekom. Hy het sy staf in sy hand gehad en het die Torah gedra. Die drie van ons het daar gesit en granate eet en Moses gee my toe die Torah, maar ek het dit nie met my hande gevat nie, dit het direk in my hart ingegaan en hy het ook aan my sy staf gegee en gesê: "Loop in gehoorsaamheid met hierdie staf, luister en doen wat Hy sê en dan sal wonderwerke volg."

Toe het Yeshua gesê: "Lei hulle in hulle beloofde land in, Sarah, EK het jou geroep soos Ek Moses geroep het - jy is My brandende bos. Dit is nie meer 'n wet nie Sarah, maar Gees in liefde! Jy het jou 'self'-skoene uitgetrek en staan in nederigheid voor My."

Moses neem toe sy tallit en sit dit om my en sê: "Tabernakel binne jou gebedstjale, Yeshua is jou tent." Ek was opgewonde toe hy dit sê omdat ek geweet het die huttefees begin amper, en ek het toe verstaan dat ons nie meer nodig het om 'n Sukkot te bou soos wat die Jode het nie, maar kon op hierdie fees die feit vier dat Yeshua nou ons permanente tabernakel is en ons woonplek geword het. "Moet nie net tyd onder jou gebedstjale in gebed spandeer nie, maar wandel daagliks daarin." Ek

het verstaan wat Hy bedoel as gevolg van 'n droom wat ek voorheen gehad het. In daardie droom het Heilige Gees vir my gesê om die mense te vertel dat ons nie net 'n lewe van gebed moet lei nie, maar dat ons moet doen wat ons in gebed van Hom vra!

Terwyl Elia ook daar gestaan het, het Moses voortgegaan om te sê: “Ons (die heiliges van die Bybel) moedig elkeen van julle aan om uit die foute wat ons gemaak het, te leer, sodat julle nog groter hoogtes kan bereik. Julle moet baie geëerd voel dat julle gekies is en met die hand uitgesoek is om in hierdie laaste dae te lewe. Julle sal diegene wees wat alles wat oor Yeshua se tweede koms geprofeteer was, sal beleef, en julle sal daarvan getuig!”

Yeshua het voortgegaan om te praat terwyl ek 'n visioen van Moses met die kudde gesien het. “Die kudde is die kerk in godsdiens. Julle moet uit godsdiens uitkom en in My heilige teenwoordigheid kom. Trek jou 'self'-skoene uit en wandel in nederigheid, sodat jy 'n lewende offer (‘n brandende bos) kan wees, heilig en aan My toegewy, wat woon in My teenwoordigheid. Om saam met My te loop vereis meer as net gemeenskap met gelowiges. Daar is 'n tyd daarvoor, maar wanneer kom jy na My Heilige Berg (teenwoordigheid) toe, waar dit net Ek en jy is, aangesig tot aangesig? Dit is 'n plek van intimiteit! My volk leef nie 'n heilige lewe nie, hulle trek nie hulle 'self'-skoene uit nie, jy kan net 'n brandende bos word deur middel van die transformasie wat in My teenwoordigheid plaasvind, maar dit kan slegs plaasvind wanneer jy jouself in berou leegmaak.

“My plan vir My volk (Israel) is herstel, en herlewing soos hulle hul pad na My wil terugvind, en in My land woon, en hulle moes die reis van self-neerlê voltooi, sodat hulle My belofte kon ontvang... My volk, julle ontvang nie, omdat julle julleself nie neerlê nie! Julle kom in opstand en julle is ongehoorsaam, julle loop in sirkels en julle mors tyd omdat julle julleself nie leegmaak en neerlê nie. Ek wil herlewing en herstel hê!”

Hy het 'n aansteker in sy hand gehad, en Hy het dit aanhoudend aangesteek. “Ek wil vlamme van vuur hê, Ek wil hê My mense moet 'n vlam van vuur wees, 'n brandende bos, 'n lewende offer, 'n heilige volk, 'n koninklike priesterdom, hernuwing deur transformasie, elke vlam wat brand sal die vuur van herlewing en herstel van My Koninkryk aansteek.

“Die uittog uit Egipte het begin met 'n brandende bos. Ek wil hê julle moet uit Egipte kom, net soos die uittog uit Egipte 'n jubilee was, wil Ek julle vrystel van godsdiens en misleiding, sodat julle die land kan ingaan sodat julle ware erfenis wat julle moet ontvang, herstel kan word.”

## HOOFSTUK 7

# INTIMITEIT

*12 Oktober 2012*

**D**it was omtrent drieuur die middag toe ek in my kamer ingegaan en die deur toegemaak het. Ek was aangemoedig om nagmaal te hou, want ek het gesukkel met 'n stryd in my gemoed, daar was konstante afleiding wat my oë van YHVH afgehaal het. Daarná het ek op die kombuistoonbank gaan sit en na aanbiddingsmusiek geluister, ek wou net vir 'n rukkie nader aan my geliefde Yeshua voel, om krag te kry vir die stryd wat ek in my gedagtes geveg het. Ek het net daar gesit en Hom aanbid, dit is al wat ek wou doen, en Hy het my net daar waar ek was kom ontmoet! Al wat ek kan sê, is dat daar krag in die bloed van Jesus is!

Skielik het Yeshua reg voor my gestaan, en ek was oorweldig met liefde vir Hom! Hy het naby aan my gestaan en ek het die merke op sy polse gesien soos Hy sy arms rondom my gevou het. Hy het my net vasgehou terwyl Hy in my oë gekyk het. Ek kon sy gesig meer duidelik as ooit tevore sien! Sy neus is prominent, net soos 'n Jood s'n en Sy oë, hoe kan 'n mens verduidelik wat jy in Sy oë sien? Sy oë is soos water, daar is soveel liefde en vrede in sy oë, en alles smelt weg terwyl jy na Hom kyk. Hy het oor my wange gevryf en toe het ons in die middel van ons kombuis gedans. Ek was geklee in 'n pêrelwit rok met 'n serp gemaak van amandelbloeisels.

Toe sien ek YHVH op Sy troon, natuurlik kan ek Hom nie sien nie, want Hy is soos 'n vuur en donderweer, goue lig... Sy heiligheid kan nie omgeskakel word in woorde nie, sy heiligheid is suiwer liefde! Hy het opgestaan van Sy troon af, en toe sien ek sewe engele rondom Yeshua en my in ons kombuis en hulle het begin om hulle hande te klap. Dit was asof die hemel tot stilstand gekom het, almal se oë was net op Yeshua, en YHVH het gesê: "Dit is My Seun in wie Ek 'n welbehae het!"

Die volgende oomblik het Yeshua iets in my hand gesit, en ek sien toe dat dit 'n halssnoer met 'n hartjie aan was. "Dit is My Vader se hart, dra My hart in jou hart, want Ek dra jou hart in Myne." Hy het my ook 'n sleutel gegee, dit is die sleutel wat die hartjie oopsluit. "Ek is die sleutel tot My Vader se hart en wat binne is, is liefde!"

*23 Oktober 2012*

Ek het vir Yeshua gevra wat sy hart was oor intimiteit met Hom, en dadelik het Hy geantwoord: "Jy is reg, My lief, intimiteit is 'n hartding, om naby te wees. Daar is baie dinge wat Ek jou kan vertel oor intimiteit met My, vir een, My volk verstaan nie wat ware intimiteit is nie. Intimiteit met My is een van die dinge wat My volk die grootste tekort aan het. Ek wil nie net hê My volk moet My dien as 'n Meester, om gevrees te word, te respekteer, te vereer, en te gehoorsaam nie. Ek wil My volk se nabyheid ook hê! Intimiteit met My is nie iets wat dikwels gebeur nie, julle is veronderstel om op 'n daaglikse basis in intimiteit met My te wandel!

"'n Saad van die liefde word gesaai en die liefde, wanneer dit groei, bring 'n begeerte, en wanneer daardie begeerte volgroeid is, is dit intimiteit! Intimiteit met My is baie belangrik, jy is intiem met My deur mediterend oor My te dink, deur jou gedagtes gedurig op My te fokus, jou hart op My te fokus, tyd saam met My te spandeer. Dit is soos wanneer jy 'n minnaar het, jou gedagtes sal voortdurend wegdryf in jou geliefde se rigting, jy sal net in hulle teenwoordigheid wil wees, naby aan hulle, selfs al is daar slegs 'n paar woorde. Dit is dieselfde met My. Intimiteit is om één met My te word, as jy intiem met My wil wees, dan moet jy jouself stroop van die sonde en die self, moet jy My toelaat om jou rein en onbesmet te hou sodat niks tussen ons kan kom nie. Dit is wat sonde aan ons intimiteit doen, dit vorm 'n muur tussen ons. Ek het gekom om die muur af te breek, maar julle moet die sonde bely. Daar is 'n prys om te betaal vir intimiteit met My. Daar kan niks verborge wees nie, jy moet jou hart aan My blootstel en wat binne-in is, wat Ek nie daar wil hê nie, neerlê. Jy kan My net ontvang na gelang van die hoeveelheid wat jy jouself leegmaak. So, as jy sê dat jy 'n intieme verhouding met My wil hê, is dit daar vir jou, jy moet net doen wat Ek van jou verlang.

“Dit is ’n wandeling van in My rus, van IN MY wees! Nader jouself tot My en Ek sal Myself tot jou nader. Intimiteit is om van jouself te deel, tot op die punt dat jy só naby is dat ons één is! Die meeste mense ‘deel’ nie hulself met My nie, hulle leef net vir hulself en hulle ‘dien’ My slegs omdat hulle nie wil hel toe gaan nie en ook omdat hulle grootgeword het met ‘kerk toe gaan’, dit is nie oor My nie! Waar is die liefde? Ek wil nie julle godsdien of julle sogenaamde ‘God’ wees nie, Ek wil jou geliefde en jou lewe, jou Eerste Liefde wees! Baie mense het nie daardie begeerte tot My nie. Hoekom? Omdat hulle nie regtig weet wie Ek is nie, en nie tyd spandeer om My te leer ken nie, as julle het, sou julle My liefgehad het en My met alles in julle begeer het, tot die punt waar julle bereid is om julle lewens vir My neer te lê in gehoorsaamheid!

“Intiem, verweef, onafskeidbaar, begeerte, obsessie, passie, getroud, een! Julle is net intiem met My deur gemeenskap, julle moet gemeenskap met My hê, met My praat, saam met My sit in My teenwoordigheid, maak julle harte oop voor My en Ek sal daar wees vir julle, in julle midde na julle luister. Ek sal in julle ore fluister van liefde en genade, om julle aan te raak met My teenwoordigheid, om julle aan te moedig, om julle met My liefde te soen, om My hart met julle te deel, en om net saam met julle te wees, selfs wanneer daar geen woorde is nie, hart tot hart, van aangesig tot aangesig, van een minnaar tot ’n ander, Ek sal daar wees!”

# HOOFSTUK 8

# DIE HEL

*17 Oktober 2012*

**T**oe ek wakker word, het ek gehoor hoe Yeshua sê dat ek moet vas. So omtrent 11:30 het ek 'n slukkie water gaan drink toe ek Yeshua hoor sê: "Neem jou boek, gaan na jou kamer, maak die deur toe en wag vir My, Sarah, want Ek gaan jou vandag na die hel toe neem."

Ek het op my bed gesit met my boek, gereed om te skryf, toe verskyn Hy voor my en ek kon weer die merke op sy polse sien soos Hy Sy arms om my gesit het, dit was amper asof ons een word!

"Kom saam met My, Sarah, jy het nodig om dit te sien sodat jy die mense kan waarsku. Die hel is nie 'n aangename plek nie, My kind, Ek is nie daar nie, en daar is geen lig of geen lewe nie, net dood en pyniging en duisternis.

"Ek het Myself gegee en vir julle gesterf, sodat julle kan lewe, sodat julle nie na hierdie plek hoef te gaan nie. Hoekom verwerp julle My en kies om na hierdie plek te gaan? Kom asseblief na My toe en kom gee julleself aan My, sodat julle kan lewe, want Ek is die enigste weg wat lei tot lewe!"

Yeshua en ek het in 'n gang van die hel geloop, Hy was saam met my, en Hy het my beskerm. Daar was baie demone aan ons regter- en linkerkant, die teenwoordigheid van boosheid was onbeskryflik, dit is net totale duisternis en hulle was orals. Yeshua het vir my gesê dat ons nie vir hulle hoef bang te wees nie en dat ons moet leer om gesag oor hulle te neem in sy Naam! Toe het ons na 'n plek gegaan waar daar poele van lawa was en daar was mense binne-in, hulle het geskree van die pyn, en die stank van hulle vleis wat brand was ondraaglik. Ek het spesifiek in een van die lawapoele 'n jong blonde vrou gesien. Die demone het haar onophoudelik geskop, hulle het haar kop onder die lawa ingedruk en sy het net gegil en geskreeu. Toe sy ons sien, het sy gesmeek, gepleit en op ons geskree, maar dit hou net nooit op nie. Yeshua het vir my gesê dat sy 'n atëis was. Sy het geskree: "Waarsku die mense! Jesus lewe, Hy is die Skepper, Hy is die Koning van die konings, Hy is die Seun van God, en Hy is die begin en die



einde, die eerste en die laaste, Hy lewe! As ek dit net vroeër bely het, as ek net nie so eiewys en onverskillig was nie kon ek gered gewees het, en was al hierdie dinge my gespaar! Maar ek wou myself nie neerlê nie, ék was al wat saak gemaak het, dit was net ek en niemand en niks anders nie. As ek net besef het dat daar 'n Jesus was, maar nee, ek het Hom verloën, Hom ontken en Hom nie bely nie en nie in Hom geglo nie, ek het gekies om in niks te glo nie. Wel, laat ek jou vertel, dit lei tot die dood en baie, baie pyniging wat nooit ooit ophou nie, 'n duisternis waar daar geen lig is om aan te sit nie, daar is geen hoop, geen lewe, en geen einde nie, dit hou net nooit op nie! Asseblief, asseblief, asseblief, asseblief, gaan en vertel die mense, hulle wil nie hier beland nie, asseblief." Sy het my gesmeek maar die demone het net begin om haar meer en meer te skop, en haar met goed gesteek.

Yeshua het begin praat met trane in sy oë, Hy het gehuil en gesê: "EK HET 'N EINDE AAN AL HIERDIE DINGE GEMAAK aan die kruis, niemand het nodig om hierdeur te gaan nie, niemand! Bekeer julle en draai na My, gee julle oor aan My, kom na My toe!" Soos Hy dit gesê het, het die demone weer begin om oral uit te kom, en hulle het gesê dat Hy lieg en dat Hy swak is! Yeshua het sy stem verhef en gesê: "JULLE IS VERSLAAN!" Hulle het weggehardloop soos slegte honde, want hulle kan nie die lig wat uit Hom skyn verdra nie en hulle kan dit ook nie vat om in sy teenwoordigheid te wees nie, en ek kon die absolute haat vir Hom op hul gesigte sien.

Hy het my hand gevat en gesê: "Kom, My lief, Ek moet jou meer wys..." Ons het weer in 'n gang gestap en Hy het die deur oopgemaak na 'n kamer waar daar 'n tafel gestaan het, daar het demone gesit en satan was aan die hoof van die tafel. Hulle het planne beraam om te steel, te slag, en te verwoes! Ek kon op hulle gesigte die honger sien om uit te gaan en die planne uit te voer, amper asof dit hulle voed.

Satan het na ons toe aangeloop gekom. BOOSHEID, BOOSHEID, BOOSHEID... hy het net soos 'n man gelyk, aantreklik, en hy het swart hare gehad, hy het vir my gesê: "Wel, wel, wel! Erken my, buig neer en aanbid my, en ek sal jou alles gee wat jou hart begeer."

Ek het toe vir hom gesê: "Ek bestraf jou in die Naam van my Verlosser, die Seun van God, my enigste begeerte is YHVH! Jy is verslaan!" En hy het heeltelmal verander, hy het skielik soos 'n draak gelyk, maar iets so leliks, jy kan dit nie eers beskryf nie... hy was verskriklik kwaad!

Ek het ook 'n ander demoon gesien, dit het gelyk soos die ondier (soos in die "Skoonlief en die Ondier" storieboek), groot en sterk. Ek het geweet dit was die antichris-gees, en dit was asof dit net aangehou het om groter en

sterker te word. Yeshua het gesê: “Die antichris gaan op die aarde regeer en dit het alreeds begin, die antichris is ’n gees en ’n mens sal beset word daardeur, maar hy sal nie die enigste een onder die beheer daarvan wees nie, die antichris-gees gaan opstaan soos nog nooit tevore nie!”

Toe sien ek satan op sy troon sit met sy vurk, die antichris aan die een kant en Isebel aan die ander kant. Haar hare was rooi en sy was baie verleidelik, haar stem was soet en stroperig. Sy het dinge gesê wat verkeerd en misleidend was, maar sy het dit so aangenaam en wonderlik laat klink. Isebel haat profete en wil hulle doodmaak en kry mense om te glo dat dit wat die profete sê, nie waar is nie, maar vals, en doen alles in haar vermoë om mense te laat glo dat wat vals is, eintlik waar is.

Terwyl ons daar was, kon ek voel hoe desperaat hulle is, want hulle tyd is besig om uit te hardloop, hulle doen alles wat hulle kan om soveel as moontlik mense te mislei, te belieg en te bedrieg, om hulle in onkunde te hou, en om mense ‘te besig’ te hou! Dit is hulle taktiek, om mense besig te hou sodat hulle nie tyd kry om voor te berei nie, hulle sondes te erken en om hulle te bekeer nie! Die hel raak so woedend en gefrustreerd wanneer mense hulle bekeer en waarlik bely. Dit is wat hulle die meeste haat en vrees: gehoorsaamheid en belydenis!

Yeshua het my geneem en ons het na die lig beweeg. Om in die lig van die hemel te wees was so vertroostend ná alles wat ek in die duisternis beleef het. Hy het toe ’n rooi doek (simbolies van sy bloed) om my gedraai. “Jy is onder My beskerming en bewaring!” Ek het opgestaan en my arms om Hom gesit en in sy oë gekyk, en Hy het my met trane in sy oë vertel: “Sarah, Ek het alles gedoen! Ek het, deur te sterf vir die mensdom, alles gedoen, maar nogtans eindig so baie mense in die hel en gaan elke dag soontoe omdat hulle My verwerp en verloën, hulle leef onafhanklik van My en hulle bely nie! Al wat Ek vra, is dat hulle berou het en hulle sonde bely en van hulle verkeerde weë wegdraai.” Ek het my kop op Sy bors gesit en ons albei het net daar gestaan en huil, swaarmoedig as gevolg van mense se verkeerde keuses. Na ’n ruk, het Hy na my gekyk en my trane afgedroog en geglimlag: “Ek het ’n plan, Sarah, Ek het altyd.”

**Matthéüs 7:14** *Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.*

**Johannes 14:6** *Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.*

**Romeine 6:23** *Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.*

**1 Timotheüs 2:5** *Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus,*

**Romeine 10:9** *As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;*

## DIT GAAN OOR MY!

“Mense is so arrogant. EK is heilig, EK moet gevrees word met ywerige gehoorsaamheid. Ek is nie maar net nog ‘iets’ wat mense kan gebruik om te kry wat hulle wil hê nie. Mense ‘dien’ My kamstig, en dit is wat hulle dink dit beteken om My te dien, hulle roep na My in moeilike tye, in tye van nood en verwag van My om hulle te red, maar wat van wanneer Ek hulle nodig het en vra dat hulle aan My gehoorsaam sal wees, en te leef net vir My? As Ek hulle nie gee wat hulle vra nie, draai hulle hul rûe op My en sommige misken My selfs! Dit gaan oor My, maar lyk My mense vergeet dit. Hulle maak afgode van mense wat net aan hulle geleen is vir ‘n seisoen, en dan, wanneer hulle van hulle weggeneem word, verhard hulle hul harte teenoor My omdat Ek hulle nie genees het of hulle nie gered het nie. Dit is die lewe, jy leef en jy sterf, soms omdat Ek kies om julle huis toe te bring en ander kere omdat die dief kom om te steel en te slag en te verwoes en dit word toegelaat omdat julle in ‘n gebroke skepping leef, julle is ‘n volk wat deur die sonde besmet is.

“EK IS die begin en die einde, hou julle oë op My. Ek het nooit belowe dat dit sou maklik wees nie, die lewe gaan nie altyd ‘wonderlik’ wees nie, maar aan die einde sal dit die moeite werd wees. Kyk na My, niks in julle lewens is permanent nie, behalwe Ek. EK sal julle dra en beskerm soos julle julle probleme oorgee aan My! Gee alles vir My, dood is dalk ‘n deel van die lewe, maar IN MY is daar geen dood nie. Leef jou nie-permanente lewe hier op aarde vir My, en jy sal in die ewigheid saam met My lewe! Die vyand kom om te steel en te slag en te verwoes en om julle te pynig en in die donker te hou, maar Ek het gekom om julle lewe te gee! EK IS die lewe en in My is oorvloed, goedheid, rus, vrede, geluk, en soveel meer. Hoor julle dat Ek sê dat ‘n lewe van oorvloed nie gevind word in julle omstandighede nie, maar in MY, sodat selfs wanneer julle omstandighede nie so goed is nie, Ek die bron van julle vreugde en vrede sal wees! Oorvloed en geluk is in My!”

## HOOFSTUK 9

# LEEU VAN JUDA

*19 Oktober 2012*

**D**it was ongeveer 01:00, ek kon nie slaap nie en het rusteloos gevoel. Die volgende oomblik het ek die Leeu van Juda langs my bed gesien, Hy was so groot en mooi, Hy het gesê dat ek nie hoef bang te wees nie. Ek het 'n visioen gesien van Hom wat met 'n leërmag staan, almal van hulle was te perd en elkeen het 'n swaard gehad, maar dit was ook een swaard en die swaard was ook Yeshua, die Woord!

“Ek kom vir 'n bruid wat weet hoe om die Swaard te gebruik, wat dit daaglik beoefen het, wat steeds sterker geword en haar groot krag gegee het.” Hy het 'n rooi-en-wit mantel rondom Hom, Hy is 'n Koninklike en vuur het uit Sy mond gekom. Hy staan gereed, Hy moet net vrygestel word. “Ek is gereed om te regeer, dit is waarvoor Ek wag, en Ek is die Koning van die konings! Berei julleself voor, want Ek kom as die Leeu van Juda, oefen jou swaardvaardigheid want as jy nie saam met My kan oorlog maak nie sal jy verwoes word.”

**Hebreërs 4:12** *Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.*

Ons het daar gestaan en Hy het begin om my te leer hoe om hierdie swaar swaard te gebruik. “Jy gebruik jou swaard deur My Woord in jou mond te sit. Aanbidding is een manier, 'n baie kragtige manier van oorlogvoering, My kind.” Daardie swaard het vir my 'n krag en gesag gegee wat ek nie daarsonder gehad het nie. Die visioen het geëindig en ek het gesien hoe Hy (die Leeu van Juda) op en af rondom my bed begin loop, ek het Hom gevra waarom Hy dit doen, en Hy het vir my gesê: “Ek is hier om jou te beskerm, omdat die vyand jou wil doodmaak, hulle haat jou en hulle haat die boek, maar Ek sal jou beskerm en bewaar.”

Ek het skielik demone in my kamer gesien wat my die vreeslikste kyke gegee het, die een het probeer om my voet te gryp en Yeshua, die Leeu van Juda, het gebrul, 'n magtige brul en almal van hulle het woedend gevlug. Hy het langs my bed gaan lê en gesê Hy gaan my wegvoer.

Onmiddellik het ons in Israel gestaan! Ons het in die strate van Jerusalem geloop, en Hy het my na die See van Galilea geneem. Ons het om die kus geloop, en Hy het gesê: "Ek het hier geloop en Ek sal weer hier loop, Ek is lief vir hierdie plek, dit is waar Ek My dissipels geroep het om My te volg." Hy staan op die water en ek langs Hom, asof dit die mees normale ding is om saam met die Leeu van Juda op die water te loop! Toe ek afkyk, kon ek sien hoe 'n rots onder my voete vorm met elke tree wat ek gee.

Daarná het Hy my na die Klaagmuur geneem ('n hoë muur in Jerusalem waarvan gesê word dat dit op die plek staan van Herodes se tempel naby die Allerheiligste), en ek het ortodokse Jode by die muur sien bid. Yeshua het gesê: "Ek is die Tempel, Ek is die Messias, Ek is die vervulling van hulle (Jode) wet, Ek het dit vervul, EK IS die Lam wat geoffer is, en Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob! Ek het gekom en Ek kom weer! Ek begeer dat My volk (Jode) My bely as die Een wat was en wat is en wat weer kom! Ek wil hê hulle moet glo in die Nuwe Testament (Nuwe Verbond), om te glo dat My opoffering alles verander het! Dit is nie meer wet en werke nie en hulle deelname daaraan sal tot die dood lei, maar as hulle in hulle harte glo en My met hulle monde bely, dat Ek in die vlees gekom het en dat YHWH My uit die dood opgewek het, sal hulle gered word, gered van die dood van die wet, want die wet maak dood."

Van daar af het ons op die Via Dolorosa na Golgota gestap waar Hy nét buite Jerusalem gekruisig is. Ons het daar gestaan en ek het Hom sien hang aan die houtkruis met die kroon van dorings op Sy kop en die twee misdadigers langs Hom. Sy bloed het teen sy liggaam af en oor die kruis geloop. Hulle het Hom gespot en ek het gesien hoe die Romeinse soldate vir Hom die suur wyn op die spons gee. Hy het gesê: "Moenie huil nie, Sarah, want dít was die dag wat Ek oorwin het en die vyand verslaan is, Ek het alles nuut gemaak en Ek het alles verander! Dit was 'n wonderlike dag!" Ek het in verwondering daar gestaan en dink dat Hy waarlik, waarlik die Koning van die konings is, en dat Hy gesterf het en Homself geoffer het sodat ons kan lewe, wat 'n groot liefde!

Van daar af het Hy my na sy graf geneem, ons het binne gesit en ek het die wit doeke gesien waarin Hy toegedraai was, ons het vir 'n oomblik net daar gesit, daar is soms nie woorde nie, en ons het net vir mekaar geglimlag.

Hy het my na 'n plek geneem en gesê dat dit daar was wat Dawid vir Saul weggekruipt het. Dawid het aangeloop gekom tot by ons en hy het weer sy mantel aangehad, dit was dié van 'n koning. Ek, die Leeu van Juda en Dawid het op 'n berg gaan staan met 'n uitsig oor die pragtige natuurskoon en ek het gedink aan watse eer dit is om daar te staan, in Israel, met Dawid, die vorige koning van Israel, en Yeshua die Messias, die Leeu van Juda, die komende Koning!

Van daar af het ons na die tuin van Getsemane gegaan, ons het onder die olyfbome gesit en granate en vye geëet, dit was heerlik en ek kon nie genoeg kry nie, Yeshua het net na my gekyk, na hoe baie ek dit geniet het. Ek het op sy skoot gesit en ons was daar vir 'n rukkie. Dit is ongelooflik hoe daar soms geen woorde gebruik word nie, maar soveel gesê word deur net in sy oë te kyk!

Ek het na my kamer toe teruggekeer en die Leeu van Juda het weer langs my bed gaan lê om my veilig te hou.

## HOOFSTUK 10

# KONINKRYK

*23 Oktober 2012*

“**M**Y kind, ’n koninkryk werk volgens die reëls van die koning, Ek is die Koning en Ek het ’n Koninkryk! My Koninkryk funksioneer ook op My wette, reëls en beginsels. Daar is ook grense in My Koninkryk in plek gestel, maar as gevolg van die liefde! As Ek jou vra om iets te doen of nie te doen nie, dan is dit omdat dit die beste vir jou is, dit is om jou te beskerm en jou veilig te hou.

“Ek het ’n Koninkryk, maar elke man, as die hoof van sy huis, het ook sy eie koninkryk. My begeerte is dat hulle sal kies om volgens My Koninkryk se maniere en beginsels te leef sodat hulle nie hulle eie koninkryk vestig nie, maar MYNE, want Ek sê vir julle, elke koninkryk wat nie My Koninkryk is nie, sal val, en die val sal groot wees!

“Die fondament van My Koninkryk is die Rots, ook bekend as die Woord, wat ook My Seun is. My Koninkryk behoort aan My Seun en deur Hom aan jou wat sy erfgenaam is, My Koninkryk is jou deel en jou erfenis. Jy vestig My Koninkryk deur gehoorsaamheid aan My wette en beginsels. Al wat Ek wil hê jy moet doen, is om in gehoorsaamheid te saai, saai liefde, saai geloof en jy sal die oes insamel... wat jy sal maai is seëninge! Jy sal geseën word in alle areas van jou lewe as jy dinge doen volgens My Koninkryksbeginsels, maar jy sal vervloek wees wanneer jy ongehoorsaam is, dit is ’n wet. My Seun het die wette van die sonde en die dood aan die kruis gebreek, maar dit is net van toepassing op jou lewe as jy bely, jou sondes bely en daarvan wegdraai. Jy kan nie ongehoorsaamheid saai en verwag dat jy seën gaan maai nie. As die sonde nie bely en gestop word nie, word dit van geslag tot geslag oorgedra en dit lei tot armoede en dood.

“My Koninkryk word onder andere deur gebed gevestig. My Koninkryk bestaan uit My wil, so bid vir My Koninkryk om te kom en vir My wil om te geskied. Dit is van kardinale belang om ’n Koninkrykslewe te leef,

want as jy nie volgens My Koninkryk leef nie dan leef jy volgens die Babiloniese stelsel wat op 'eie ek' gebou is, elke steen is 'self', en dit bou 'n hoë toring van trots.

“Ek sê weer vir julle: Ek sal alles skud wat geskud kan word en diegene wat 'n koninkryk op 'self' gebou het, sal eerste val, en hulle gaan die hardste val. Ek sê vir julle, moenie vir jouself skatte bymeekaarmaak op die aarde nie, want waar jou skatte is, daar is jou hart, as jou hart nie by My is nie, gaan jy verwoesting in die gesig staar. Dit is die rede waarom Ek jou vertel, as jy 'n Koninkrykslewe lei, sal jy beskerm en veilig wees omdat jou koninkryk op die Rots van die eeue gebou is, wat nooit beweeg en nooit verander nie, daarom sal jy ook nie verskuif word nie, want jy is in My!

“Die Joodse volk wat nie in die Nuwe Verbond glo nie, doen dinge nog volgens My Koninkrykswette en dit is hoekom hulle geseënd is! Hoekom dink julle dat julle nie meer onder die wet is nie? Ek het nie gekom om die wet af te skaf nie, maar om dit te vervul, en die wet van die Gees van die lewe in plek te stel. Julle is nie onder veroordeling of die letter van die wet nie, maar van die gees en van die hart! Ek oordeel jou nie meer volgens jou 'werke' nie, maar volgens wat in jou hart is. As jy My met jou hart liefhet, sal jy My gehoorsaam, en nie onder die wet nie, maar in liefde! Ek het die wet van die sonde en die dood verbreek, maar wat kan Ek julle meer gee as My lewe en My bloed om dit te bely, maar julle handel nog steeds daarvolgens. Dit is nie My wil vir julle nie, maar julle kies om volgens die wet van die sonde en die dood te handel, moenie onkundig bly nie, BELY! Die sonde word vergewe en verwyder slegs deur belydenis! Dit is hoekom Ek sê: Bely, want My Koninkryk is naby, en My Koninkryk kom deur te bely!

“My boek (woord) is My Koninkryk. Laat die boek van die wet nie vertrek uit julle monde nie, maar oordink dit dag en nag sodat julle volgens alles wat daarin geskrywe staan kan handel.

“Sarah, al hierdie 'on-' woorde blokkeer die vloei van My Koninkryk: onvergewensgesindheid, onwilligheid, ongeloof... is net 'n paar van die vele wat jou in 'on'-vermoë hou om My seën en voorsiening te ontvang! My Koninkryk is gemaak van liefde, dit is die basis, dit bestaan uit liefde en dit werk deur die geloof. Hierdie is net 'n paar punte oor die belangrikheid daarvan om 'n Koninkrykslewe te lei. Bestudeer My woord, want daar is baie Koninkryksleutels, Koninkryksbeginsels. Laat My toe om oor jou lewe te heers. Laat My Koninkryk jou Koninkryk wees!”



# HOOFSUK 11

# DIE DOOP

*31 Oktober 2012*

“**M**y kinders, luister na My woorde en neem waar wat Ek sê! Dit is belangrik om gedoop te word, dit is een van die belangrikste keuses wat jy in jou lewe maak, want jy kies om jou sondige natuur af te lê, jy kies om aan My gehoorsaam te wees en om in My voetspore te volg, want Ek het vir die sonde gesterf, Ek het My lewe gegee, en My begeerte is vir jou om dieselfde te doen, en jy doen dit deur gedoop te word.

“Soos jy onder die water ingaan word jou sondige natuur bedek met My bloed, Ek neem jou sondige mens en dit word aan My kruis gespyker en dit sterf, en Ek gee jou ’n nuwe natuur, suiwer en vlekkeloos, Ek was jou!

“Dit is belangrik vir ons eenheid, ons word één op ’n manier wat slegs moontlik is deur die doop! Dit is My begeerte vir My volk om daardie keuse te maak, om heeltemal onder die water in te gaan, jou sondige natuur onder die water te los, maar eintlik onder My bloed! Sal jy asseblief aan MY gehoorsaam wees?

“My volk, verstaan julle dan nie dat om gedoop te word wanneer jy ’n baba is, meer as onnodig is nie! Om gedoop te word, is ’n keuse, jy kan nie hierdie keuse maak as jy ’n baba is nie, en jou ouers kan dit nie namens jou maak nie, Ek het jou ’n vrye wil gegee en net jy kan daardie keuse maak! En nog ’n ding, Ek kan nie verstaan hoekom My kerk nie dinge doen volgens die manier wat Ek dit gedoen het nie, die kerk moet dringend in lyn kom met My wil en weë, want hulle volg My nie en word mislei. Doop is om te was en skoon te maak, so hoekom sit hulle net die water op die baba se kop, waar het Ek vir julle gesê om dit te doen?

“Diegene wat in die kerk sit moet baie versigtig wees om nie mislei te word nie en verkeerdelik te dink dat die persoon wat vir julle preek weet

waarvan hulle praat nie, want die meeste verkondig godsdiens, maar wat Ek wil hê verkondig moet word, is verbond! Julle het nodig om My te raadpleeg, die waarheid te soek, My hart te soek, afgesien van wat julle kerkleiers doen. Moet dit nie net aan hulle oorlaat nie, want julle sal self verantwoordelik gehou word, en hulle selfs nog meer so. Daar is soveel meer, en die dinge wat jy voel in jou lewe ontbreek, sal jy nie in die kerk vind nie, jy sal dit in My vind!

“Sal julle asseblief na My luister en doen wat Ek van julle vra en julle laat doop? Jou natuur verander nie wanneer jy gered word nie, jy is slegs in die lig en nie meer in die duisternis nie, jy het Myne geword, dit is net soos geboorte, jy word gebore in My Koninkryk wanneer jy gered word, jou natuur word verander wanneer jy gedoop word!

“Dit is My definisie van die doop: dit is soos om vir die eerste keer in jou lewe te bad terwyl jy op 'n vullishoop langs 'n rioolgat geleef het. Wanneer jy gebore word, word jy in die vuilheid van sonde gebore, en bly jy in daardie plek totdat jy gered word. As jy gered is, tel Ek jou op en neem jou uit daardie plek en neem jou na My huis toe, 'n paleis, want jy word 'n Koningskind! Ek wil jou met My natuur en My karakter aantrek, maar Ek kan dit nie doen as jy nie 'n bad neem en jouself skoon was van al die ou dinge wat jy gedra het as gevolg van die vullishoop waar jy gewoon het nie. So, asseblief, laat doop jouself sodat jy kan begin om soos 'n Koningskind te lyk, sodat jy kan begin om soos Ek te lyk, sodat ons één kan wees, want jy het van die sonde afgesterf.”

# HOOFSTUK 12

# JUBILEE

*18 Oktober 2012*

“**M**y dogter, die seisoen in die gees is dié van ’n Jubilee! My mense het nodig om terug te keer na My Koninkryksmaniere sodat hulle hul erfdeel kan ontvang. Dis nodig om ’n einde te maak aan jou verlede, want Ek sal dit afskryf as jy jou verkeerde weë bely en daarvan bekeer. Ek sal jou land genees as jy na My toe kom! Dit is tyd, Ek kondig die jaar van Jubilee aan, regoor die hele wêreld blaas My profete die basuin, blaas hulle die horing, waarsku hulle die mense dat My koms hier is, maar diegene wat nie My woorde waarneem nie, sal nie in staat wees om hulle erfdeel te ontvang nie, omdat hulle nie kies om hulleself neer te lê en die ou dinge agter te laat nie, daarom kan Ek nie hulle skuld afskryf nie. Omdat hulle nie gehoorsaam was nie, sal hulle My oordeel moet verduur!

“Die afgelope jaar was ’n jaar van vervolmaking van owerheid, ’n herstel van My Koninkryk, My bruid is van die sondaars en van diegene wat louwarm is, geskei. Diegene wat Egipte verlaat het en uit die stelsel van Babilon gekom het, staan gereed, hulle het geluister en hulle sal gered word. Ek sal hulle ou skuld afskryf, en hulle sal betree wat belowe is. Die seisoene verander, Ek het dinge in die wêreld die afgelope jaar in plek gesit, maar op Rosh Hashanah was daar ’n verskuiwing, dit is die jaar van die basuin, hierdie is die jaar dat die basuin sal blaas! Die amandelboom bloei, dit sal vrygestel word, MY bruid sal in veiligheid weggeruk word. Sarah, hierdie sal die enigste boek wees<sup>1</sup>, daar sal nie tyd vir nog een wees nie, dankie vir jou gehoorsaamheid, My kind, dankie dat Ek jou kan gebruik om My volk te waarsku om te ontwaak en op te staan!

“Dit is die laaste uur, julle is aan die einde, daar is so min tyd oor, as julle nie bely en NOU na My draai nie, sal dit te laat wees, as julle nie NOU tot My oorgee nie sal julle nie veilig wees nie. Sarah, die mense verstaan nie die dringendheid nie, hulle verstaan nie dat die tikkende

<sup>1</sup> Verwys na die Inleiding in “Shama” om hierdie stelling beter te verstaan. Hierdie is profetiese gesproke die enigste boek wat gevul is met die boodskappe wat Yeshua my gegee het en die spesifieke salwing dra wat Hy hierin oorgedra het.

tydbom se tyd amper uit is nie, dit is nie naby nie, dit is hier! Dit is My laaste waarskuwing wat uitgaan! Die mense sal sê dat dit wat jy sê vals is, maar hulle kan nie sien wat Ek jou wys nie, hulle kan nie sien wat in die gees aangaan nie, elke dag is net nog 'n dag, totdat dit nie meer is nie! Hou op om te lewe asof môre nog 'n dag is, want dit is nie!

“Dit is die laaste seisoen en dit is 'n jubilee jaar, dit is tyd vir My verlore seuns om huis toe te kom, dit is tyd vir My volk om Egipte te verlaat, en om uit Babilon uit te kom, HARDLOPEND. Ek sê vir julle hardloop, hardloop na My, hardloop in My hart in, tel op jou voete en kom gou, Ek is jou heil en jou veiligheid. Dit is die seisoen vir herlewing en om My merk te ontvang, deur die verbond, jy moet 'n verbond met My maak, sodat My Gees jou kan seël! As jy nie 'n verbondsverhouding met My het nie, is jy nie MY bruid nie! My bruid is getrou deur haar deel van die ooreenkoms na te kom.

“Die valse leraars is teen die verbond, omdat hulle sê dit is volbring, dat jy nie iets hoef te doen nie! Dit is 'n valse lering! Dit is nie waar nie, My kerk, julle word mislei. Dit is voltooi, maar jy moet gehoorsaam wees, en jy moet jou hart voorberei! Jou voorbereiding is om jou te reinig en jou hart vlekkeloos te hou, eie ek af te lê, en om jou kruis op te neem en te sterf aan self!

“My volk, wil julle weet hoe om gereed te wees? Hier is hoe 'gereed' klink: EK IS GEKRUISIG, DIT IS NIE EK WAT MEER LEWE NIE, MAAR YHVH WAT IN MY WOON. DIE LEWE WAT EK NOU LEEF, LEEF EK IN DIE GELOOF, GELOOF IN DIE SEUN VAN YHVH, WAT MY LIEFHET EN WAT HOMSELF VIR MY GEGEE HET! EK IS DOOD AAN SELF MAAR LEWEND IN CHRISTUS, WANT EK HET MY SIEL OPGEOFFER SODAT EK OMSKEP KAN WORD IN DIE BEELD VAN YHVH, EK HET DIE EKSTRA HOUER GEBRING, BEKEND AS MY SIEL EN HART, SODAT YHVH VAN MY 'N BRANDENDE BOS KAN MAAK, 'N LEWENDE OFFER!

“Maak seker dat jy gereed en voorbereid is, want 'n donker uur sal op hierdie aarde kom, 'n seisoen waar My oordeel en verderf teen 'n sondige en opstandige volk vrygelaat sal word, en jy wil nie op hierdie aarde wees wanneer dit gebeur nie, jy wil saam met My by die bruilofsfees wees!

“Neem asseblief kennis van My waarskuwing, hoor wat Ek sê, en antwoord My met die soet klanke van oorgawe in nederigheid en gehoorsaamheid.

“Met liefde,

“YHVH, Yeshua Messias, Ruach HaKodesh. Ons is Een.”

## HOOFTUK 13

# GEBED VIR ONTWAKING

**Y**eshua Messias, ek blaas hierdie ramshoring as 'n roep vir Israel en vir die verlorenes, om dié wat sluimer wakker te maak sodat hulle kan opstaan. YHVH, hierdie is 'n roep na U om hulp om U bruid wakker te maak en voor te berei vir U terugkeer! Ek wil dit doen as 'n profetiese alarm om die mense te waarsku om hulle te bekeer en terug te draai na U! Mag dit U stem wees, My Bruidegom, gemeng met die stem van U bruid in 'n liefdeskreet, in 'n gejuig van desperaatheid om aan die mense te sê: "Ontwaak en kom, maak gereed, want ons geliefde Messias kom! Kyk, julle Bruidegom, julle God is hier, en onthou Hom!"

Ek roep uit na U om U mense in die dag van benoudheid te onthou, red ons, Yeshua! Red ons uit die skerp tande van die leeu wat wil kom om U mense te verslind! Berei ons harte voor vir U, ons Koning, soos Ester vir die volk ingetree het, so wil ek na U kom, my Koning, en om hulp pleit, U alleen is ons heil! Open die oë van die volk, dat hulle kan sien dat U alleen God is! Ek blaas hierdie ramshoring in die Naam van die God van Abraham, Isak en Jakob, as 'n roep tot bekering! Yeshua, laat hierdie waarskuwings hard en ver gehoor kan word sodat die mense hulle bekeer en dié wat sluimer sal ontwaak. **BEREI JOUSELF VOOR, WANT DIE HERE VAN DIE LEËRSKARE IS OP PAD!** Yeshua, laat hierdie oproep 'n bewing en 'n besef bring om gereed te wees vir U wederkoms! YHVH, Ek bid dat ons in die vrees van die Here sal wandel en op U Naam mediteer, dat ons U s'n kan wees, afgesonder tot U, maak ons U juwele.

In die tyd van benoudheid verberg ons asseblief in U hut, in die skuilplek van U tent, verberg ons asseblief, Messias! Plaas ons hoog op 'n rots! Ek bely dat U die ware Messias is, wat is en wat was en wat kom! U is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, U is die eerste en

die laaste! Heilig, heilig, heilig. Ek verklaar U is die Here God as ek die horing blaas! U is waardig, o Here, ek verklaar, U is waardig om die eer en die mag te ontvang, want U het alles geskape en dit het deur U wil bestaan en is geskep! U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met U bloed gekoop, uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir ons God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers! Waardig, ek verklaar, waardig is die Lam van God wat geslag is, waardig om die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof te ontvang. Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!

Ek dank U, Here God, die Almagtige. Die Een wat is en wat was en wat kom! U sê dat U soos 'n dief in die nag sal kom, help ons asseblief om waaksaam te wees, U is Yeshua, die ware Messias, die wortel van die nageslag van Dawid, die blink Môrester! Elke knie sal buig en elke tong bely dat U die Seun van God is wat vir ewig geseënd sal wees! Aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid! Die Gees en die bruid sê: "Kom, Yeshua ons Messias, kom!"

Amen.


# NOTA DEUR DIE SKRYWER

Jy word aangemoedig om afskrifte van hierdie dokument op enige wyse te versprei, hetsy elektronies of in gedrukte vorm.

Hierdie boek is nie gedruk om te versprei vir finansiële gewin nie maar uitsluitlik met die doel om die profetiese woorde van YHWH onder die aandag van meer mense te bring. Die prys van hierdie boek dek slegs die drukkoste. Hierdie boodskappe is so belangrik en dringend dat ons wil verseker dat die prys van die boek nie 'n struikelblok sal wees vir mense om hierdie boodskappe te ontvang nie.

**[www.bridalharvest.com](http://www.bridalharvest.com)**


## ANDER BOEKE BESKIKBAAR



### JUBILEE


- *Sounding of the awakening blast of the horn.*

'n Boodskap uit die pen van die Bruidgom om sy bruid te ontwaak en te help voorberei vir Sy terugkeer. Beskikbaar in Engels en Afrikaans. Gratis om af te laai in PDF-formaat op [www.bridalharvest.com](http://www.bridalharvest.com)



### BRIEWE JOERNAAL

Die *Briewe Joernaal* bevat al die briewe soos dit deur Vader aan Sarah gegee is en soos dit op die webtuiste verskyn het. Ook beskikbaar in Engels. Gratis om af te laai in PDF-formaat op [www.bridalharvest.com](http://www.bridalharvest.com)



### SHAMA

- *Daaglikse wandel van luister en gehoorsaam.* Is 'n dagstukkiesboek wat boodskappe bevat uit die hart van die Bruidgom oor hoe om voor te berei as bruid van die Messias deur 'n daaglikse wandel met Hom. Dit bevat praktiese riglyne wat ons kan volg in ons daaglikse lewe om voor te berei nadat ons die blaas van die horing gehoor het, en is beskikbaar in Engels en Afrikaans.



### SCHOOL OF THE SPIRIT

- *Back to His garden — spirit, soul and body.* Do you struggle to balance everyday responsibilities and the pursuit of your Maker, which leaves you feeling spiritually inadequate? We are always separating the spiritual and physical and it keeps religion established in our lives. This book will help you bring the two together; to seek obedience and unity with Abba in every area of your life. Let Him teach you on how to cleanse your life from the nature of the serpent daily. This book is available in English.